God Se Enigste Voorsiene Plek Van Aanbidding

Môre! Bly om vanmôre hier te wees. En ons is bly, geniet hierdie groot gemeenskap rondom hierdie ou liedere van geloof. Ons is lief daarvoor. Nie waar nie? Die *Amen* koortjie. Die wat Hy is, die Amen, sien. Hy het die laaste woord om te sê.

2 Ek het daar oorkant gesit en praat met my ou vriend, Broer Brown, terwyl die liedere aan die gang was. En hy het gesê: "Broer Branham, ek het nooit voor gister gesien waarvan jy gepraat het nie." Hy het gesê: "As mense net kon inkom in dit waarvan jy praat," gesê: "sal elke hindernis uit die weg geruim word." Dis presies reg. Dis reg. Dis presies reg. As jy Dit net kan begryp en Dit snap. Sien?

3 Het met my klein vriendjie, Ernie Fandler gepraat. Ek skat sommige van julle buite op die verbindings sal Ernie onthou, hoe hy bekeer is, hoe hy na die Here gelei is. Hy praat nie goed Engels nie, of ek sou hom graag 'n woordjie wou laat sê het. En hy laat sy *"we's"* en *"W's"* deurmekaar raak. Hy het my gevra of ek die tyd onthou by die Shawano waar hy bly. Daar was 'n man wat reg in die byeenkoms gesterf het, dood neergeval in sy sitplek, Lutheraan. En ons het almal laat stilbly. Het die Woord van die Here gespreek, hy het teruggekeer tot die lewe. Hy het daardie ander pad gekom. Hulle het nooit daaroor gekom nie, wil hê ons moet weer terugkom.

4 En ek verstaan dat in Frankryk, vanmôre, is daar meer as tweeduisend Franse op 'n vas van verskeie dae dat ons die Boodskap na Frankryk in Frans sal kom bring. Die hele Protestante nasie, Protestante deel van die nasie van Frankryk. En dus is ons . . .

5 Dit begin nou net blom, begin net, die dop trek weg sodat die koring nou daarbuite kan lê. Sien? So bly net eerbiedig, hou aan met bid. Sien? Onthou: "Die wat op die Here wag, ontvang nuwe krag."

6 Nou, daar's . . . Ek was . . . raak taamlik oud, en ek het gedink: "Sal ek . . . Sal daar nog 'n herlewing wees, sal ek nog 'n keer sien?" En onthou net, van die weste sal 'n wit perderuiter kom. Ons sal weer hierdie pad ry. Dis reg. Sodra . . . ons is omtrent gereed. Dis 'n belofte, julle sien.

7 Nou, ek wil vir Broer Leo sê . . . Ek het gisteraand van Broer Wood gepraat, sy broer wat hier is. Broer Leo, as jy en

die klein groepie wat vanmôre daarbo ingeskakel is, Suster Mercier, jou pa is hier. Ek het hom gisteraand gesien. Hy is hier iewers in die gebou rond, en hy lyk goed en agtermekaar.

8 Die oggend toe hy daar by die tabernakel genees is, was daar twee belangrike kankergevalle, aan die sterf, en beide van hulle is genees. En hulle pa, 'n bejaarde man met 'n hartaanval, is uitgebring tot die eer van God. En hy is hier iewers in die byeenkoms. Ek kan hom nie nou tussen die menigte sien nie, maar hy was gisteraand hier.

9 Groete aan almal van julle daar oor die hele land, hier in hierdie wonderlike plek van die Life Tabernakel hier by Shreveport, met 'n hele gepakte menigte vir 'n Sondagskool. Weet julle, as ek in Shreveport gewoon het, nie om iets teen enigiemand te sê nie, maar dit sou die plek gewees het waar ek sou kerk toe gekom het, net hier by die Life Tabernakel. Dit is nie 'n denominasie nie. Die Life Tabernakel, is vandag, is 'n interdenominasionele tabernakel. Hulle het uit die denominasie uitgekom omdat hulle my aanvaar het en hierdie Boodskap wat ek preek. Broer Jack Moore, my broer en vriend, hy is weggeneem van die denominasies omdat hy met my geassosieer het. En dus dink ek hy verdien 'n bietjie erkenning. Dis reg. God seën hom. En hou sy hande op in gebed, en glo saam met hom.

10 En nou Suster Moore, ek sien haar nêrens nie, sy . . . Ja, hier agter. Sy het soos 'n klein dogtertjie gelyk wat daar oorkant sit, vanmôre, so piekfyn aangetrek, nuut, en het net soos 'n Paasuitrusting gelyk. En dit—dit het gelyk soos . . . Broer Jack het haar nie eens self geken nie. Nou, Suster Moore.

11 Ons mis Anna Jeanne en Don beslis, en almal van hulle. Bly om Broer Nolan te ontmoet, hy was een van die medewerkers hier.

12 En Broer Ernie, ek het hom gister gevra of hy daardie *Amen* sou sing. Ek het dit op 'n plaat, en ek het die ding uitgespeel net deur daarna te luister, *Amen*. Ek dink hy het 'n stem daarvoor, oortref enigeen van hulle. En klein Judy, ek het haar opgelet, die twee, hulle lyk net soos broer en suster. Nie waar nie? Hulle is man en vrou. Kyk na elkeen van hulle, sien wel, hulle is net so die tipe. Sien? En regtig 'n mooi klein paartjie. Dis, julle weet, dis . . . Broer Palmer wat pas die goue trappe opgeklim het, dis sy dogter en skoonseun. En dis . . . Sy is beslis 'n bydrae tot sy goeie opvoeding van 'n kind. En het ander ook, getroude predikers ook, en dit is die evangeliste en op hulle veld, en ander. So dit is net wonderlik.

13 Ek het nie vir Suster Palmer gesien nie. Regtig, ek weet nie of ek haar sou ken as ek haar sien, of nie. Sy is, dalk, iewers (natuurlik) in die diens. Agter in die agterkant, God seën jou, Suster Palmer.

14 My hart ruk elke keer wanneer ek daaraan dink. Broer Palmer het net die trappe geklim tot, 'n paar minute gelede, tot ek die boodskap ontvang het dat hy weg is, kon ek dit net nie glo nie. Billy het my gebel, en iemand het in die hande gekry . . . en hulle het geweet. Ons was sulke lieflike vriende, en om te weet dat hy weg is, dit was regtig skokkend. Maar ons moet almal gaan, ongeag wie ons is, ons moet een vir een gaan. Maar daar is net een ding: "Laat ons die hoofsaak van alles hoor: Vrees God en hou Sy gebooie, want dit geld vir alle mense," Prediker 12.

15 Nou, ek het nie te veel tyd vir hierdie Sondagskoolles nie, en ek is hees.

16 Sê, Broer Pearry Green het 'n edel ding gedoen. Hy het my hoor sê, gisteraand: "Ek het my haarstukkie gemis om my te hou . . ." Hy het daarnatoe gebel en probeer om iemand te kry om dit vir my in te vlieg. Ek het gesê: "Jy is te laat, ek is reeds hees." Ek het vir jare probeer om een of ander kundigheid te vind, maar toe ek dit kry, dit het dit genees. Maar ek het dit hierdie keer vergeet, so ek is 'n bietjie hees. So verdra julle my, sal julle, in die preek.

17 Nou, hoeveel hou van Sondagskool? O goeiste, dis reg. Dis 'n goeie ding om julle kinders heen te stuur. Nee, laat my dit regstel, 'n goeie ding om julle kinders heen te *bring*. Dis reg, om julle kinders heen te bring, kom julle ook. Hoeveel weet hoe ons Sondagskool eers ontstaan het? Waar het dit ontstaan? Engeland. Wat is dit eers genoem? *Flenterskool*. Dis reg: "Flenterskool" genoem. Terwyl ek die man se naam nou vergeet het wat dit gestig het. Wat was sy naam? [Iemand sê: "Robert Raikes."—Red.] Dis reg, presies reg. En hy het die klein kêreltjies van die straat af gekry (was verflenterd, en sou geen plek hê om na toe te gaan nie, en baie sleg), en hy het hulle ingebring en hulle begin lesse gee oor die Bybel. En dit het aangegroei tot een van die grootste ordes van die kerk, byna, vandag, Sondagskool. Goed om te gaan. Kom verseker, bring julle kinders. Ek dink die tabernakel hier het onderwysers, toegeruste kamers, ouderdomme, ensovoorts. En julle nuwe bekeerlinge wat pas na Christus gekom het, gaan net voort om die Boodskap te volg, en hier by die Life Tabernakel, en hulle sal julle goed doen.

18 Nou, vanaand gaan ons 'n outydse gebedsry hê. Ons gaan net vir die siekes bid soos ons altyd het, Broer Jack en Broer Brown.

19 Ek onthou om Broer Brown te sien daardie gebedskaarte probeer uitgee, en hoe terwyl hy self 'n prediker is . . . En in daardie dae, in 'n organisasie dat ons . . . hulle druk op hom geplaas het, julle weet: "Ek—ek is jou broer," en daardie dinge, julle weet. "Jy moet my daarbo kry." O, hy het sekerlik

'n moeilike tyd gehad, maar het net so getrou gebly soos getrou kan wees. Broer Brown is een goeie man. En so ons het hom lief.

20 En ek sien almal van ons, die drie van ons raak. . . kruip nader na die bejaardes, die einde. Dit sou 'n baie treurige ding wees as ons nie binne-in ons daardie groot ding geplaas het, wat ons as Waarheid ken nie. Ons is net op die punt om een van die dae terug te keer, weer terug na ons jong manlikheid, om nooit. . . ons liggame hervorm, na Sy gelykenis gemaak om te staan. "Want wanneer hierdie aardse tentwoning afgebreek word, is daar een wat wag."

21 En die dankbare deel daarvan, liewe vriend, dat die dierbare Here Jesus. . . Julle wat my vertrou om julle die Waarheid te vertel; die dierbare Here Jesus, een oggend omtrent agtuur, het my daardie Land laat sien. Nou, dit was nie—dit was nie 'n visioen nie, maar ek wil nie dit sê nie. Wat dit ook al was, dit was net so werklik as wat ek hier met julle praat. Nou, ek het die gesigte van daardie mense gesien, en ek kon hulle nie herken nie, hulle het weer teruggekeer tot jonk. En hulle was net so werklik soos. . . ek het hulle hande vasgehou en dinge. Net so werklik. . .

22 En dit het my gehelp, want ek het altyd as idee gehad: wanneer 'n persoon gesterf het, het net hulle siel weggegaan. Maar toe, toe Hy dit vir my aangehaal het dat: "Wanneer hierdie aardse tentwoning van ons verblyf afgebreek word. . . het ons alreeds een." Sien? En ons moet alles in drie hê om 'n volmaaktheid te maak. Sien? En daar is een liggaam hier, dan daardie liggaam daar wat die—die hemelse liggaam is, en dan die verheerlikte liggaam in die opstanding. Sien, dit maak dit voltooid. Sien? So dis 'n. . . Dis nie 'n mite nie, dis nie 'n idee nie, dis nie 'n gees nie. Dit is 'n man en 'n vrou soos julle is, net presies.

23 En toe, jare gelede, het ek die ryk van die verlorenes gesien, en was daar. Ek sê jou, vriend, as 'n ou man, laat my jou hiervan oortuig, regoor die nasie vanmôre, moet nooit daardie plek wil sien nie. Daar is geen manier hoegenaamd dat ek kon. . . as ek 'n kunstenaar was met 'n kwas kon ek nie die prentjie skilder nie. As 'n prediker, kon ek dit nie beskryf nie. Praat van hel wat 'n brandende plek is, dis 'n miljoen keer erger as dit, die aaklighede wat daarmee saamgaan.

24 En die Hemel. . . of hierdie plek, waar dit ook al was, ek weet nie wat om dit te noem nie. Hy het daarna verwys as "siele onder die altaar." Maar wanneer dit was, ek het nooit. . . Daar is geen manier om te verduidelik hoe wonderlik dit is nie. Daar is. . . Nou, julle sal net my woord moet neem, ek is net 'n man. Sien? Maar hierdie visioene wat altyd uitgekom het net soos ek julle gesê het, en julle weet dat elkeen waar was, *dit*

is ook waar. Wat julle ook al doen, as julle alles anders mis (gesondheid, krag, jou sig, wat dit ook al is), moet Dit nie mis nie. Daar is niks wat daarmee kan vergelyk nie. Dis . . . Daar is niks—daar is geen woord in die Engelse taal, waarvan ek weet, wat dit kon uitspreek nie. As jy "volmaak" sou sê, dis verby dit; "voortreflik," dit—dis meer as dit; "subliem," . . . Daar is geen—daar is geen woorde wat ek ken wat dit kon uitdruk, want dit was so . . . En dan, om te dink, dit is nog nie die einde daarvan nie. Ek het gedink: "Ek is bang om hiernatoe te kom?"

25 Ek het gesê: "Eet julle?"

26 Het gesê: "Nie hier nie. Ons eet nie hier nie, maar wanneer ons teruggaan aarde toe sal ons 'n liggaam ontvang om in te eet."

27 Wel, ek kon aan hulle voel. Hulle was net soos *dit*. Sien? En hulle . . . Ek het gesê: "Wel, julle het . . ." O ja, hulle het 'n liggaam. Nie sommer net 'n mite nie, dis 'n liggaam. Ons ken mekaar. Hulle het my almal geken, het my omhels, miljoene van hulle.

28 En ek het gesê: "Wel, ek wil Hom sien Wat my hier gebring het."

29 Dit het gesê: "Jy kan Hom nie nou sien nie, jy sal moet wag."

30 Ek het gesê: "Hoekom het julle my op . . . hierbo gesit?"

31 Het gesê: "Jy was 'n leier in die lewe."

32 En ek het gesê: "Bedoel julle almal van hulle is Branhams?"

33 Hy het gesê: "Nee! Dis jou bekeerlinge tot Christus." Sien?

34 Ek het omgekyk, en toe het al die swaar nagte en die beproewinge verdwyn, en ek kon hulle gesigte sien. 'n Jong vrou het daar opgekom, een van die mooiste vroue, en sy het net haar arms om my gegooi en gesê: "Kosbare Broer." En toe sy verbygaan . . . Nou, sy was 'n vrou. So . . . Maar daarin, daar sal nooit sonde wees nie. Sien, ons kliere is daar verander. Hulle sal nie meer kinders grootmaak, daar nie. Sien? Sien, almal dieselfde.

35 Wat die verskil maak, die sensasie. Dis waarom ek nie glo aan dans op die vloer nie. Geen man . . . Ek, voor God en my Bybel, ek het skoon gelewe, soos op daardie manier deur my lewe toe ek 'n klein seuntjie was, dwarsdeur my jong manlikheid. Enige meisie saam met wie ek uitgegaan het, ek kan reguit terugstap na die Oordeel toe met haar. Sien? Maar daar is geen man, ek gee nie om wie jy is nie, wat 'n vrou (soos 'n vrou gemaak is) haar jou laat omhels nie; as jy 'n egte gesonde man is, is daar 'n sensasie. Maar dit was nie daar nie, daar is geen klier nie; hulle is almal dieselfde klier, sien. Net suiwer, onvervalste susterlike en broederlike liefde,

meer as wat dit sou wees vir jou. . . selfs vir jou. . . jou eie klein dogtertjie te omhels. Sien? Jou eie dogter, tog is sy gemaak. . . sy is vroulik en jy is manlik. Sien, dit kon iets skep, maar Daar kan dit nie, sonde is gedaan, dis alles oor. Sien? Regte. . . net regte, heilige Liefde.

36 En ek het na daardie vrou gekyk. Daar was. . . het soos miljoene van hulle daar gelyk, en almal van hulle lang hare, en wit klere ondertoe. En—en hierdie Een wat met my gepraat het, het gesê: "Herken jy haar nie?"

37 Ek het gesê: "Nee."

38 Het gesê: "Sy was in haar negentigs toe jy haar na Christus gelei het."

39 "Onuitspreeklike genade, hoe soet die klank." Sien? Daar is geen manier om ooit te verduidelik wat dit is nie. Neem net my woord as julle in my glo. Maak seker om. . . verbrand elke brug van die wêreld agter jou.

40 Ek glo die kerk begin die Boodskap hoor, en begin om Dit te verstaan. Maar vriend, luister, ons moet in die Teenwoordigheid van die Seun lê, ons moet ryp word. Ons—ons geloof is nie ryp nie. Intellektueel hoor ons die Boodskap wat God ons gegee het, en sien die tekens wat Hy ons gewys het, en dit deur die Bybel bewys as sulks; maar, o, hoe nodig het die kerk dit nodig om in Sy Teenwoordigheid te lê tot dit in die hart verteder, soet word in die Gees sodat dit kan afspoel. Somtyds deur die Boodskap uit te spreek, raak jy hard, moet dit so leer, want jy moet 'n spyker inslaan om dit te laat hou. Maar wanneer die Kerk Dit eenkeer kry, is die Uitverkorenes uitgeroep en geskei, dan in die Teenwoordigheid van God, ek weet dit sal iets wees soos die mense was daar toe dit sy Wegraping neem.

41 Ek sou vanmôre oor *Die Wegraping* gepraat het, maar ek het net nie genoeg stem om dit te doen nie, en so verdra my maar 'n klein rukkie. Wel, ek wil oor die onderwerp van: *God Se Enigste Voorsiene Plek Van Aanbidding* praat.

42 Nou, dis 'n baie groot teks. So laat ons nou bid. En ver oor die lande vanmôre, waar julle ook al is, buig julle hoofde net vir 'n paar oomblikke. Wees waarlik opreg nou, ons nader die Woord van God, wat God in 'n lettervorm is.

43 Groot Outeur van hierdie Boek: "Dit is 'n Saad," word ons geleer: "wat 'n saaier gesaai het," so het die Outeur gesê. Nou, ons besef wel dat 'n saad sal groei as dit in die regte soort grond is. So, Vader, sal U vanmôre al die dorings en distels, en ongeloof, en skeptiese gedagtes uit ons harte neem, dat die Woord van God kan vryelik groei, deur die Gees in ons hart natgemaak, dat ons die mense van God kan word. Skenk dit, Vader. Dis ons hart. Nie net vir ons wat dit herken het nie,

maar mag daar ander wees regdeur die land, elkeen se hart wat met liefde en deernis brand, sal gaan en probeer om die verlore broer, die verlore suster te wen. Skenk dit vandag, God. Ons kyk geheel na U, want U is ons gids en ons Here. So ons bid dat U ons in U Woord vandag sal lei, en ons van U seëninge gee. Deur U genade en in U Naam vra ons dit. Amen.

44 Nou, laat ons vir ons teks neem. . . Ek wil lees uit die Boek van Deuteronómium, die Ou Testament, net vir 'n plasing van die Skrif. Ek het 'n paar notas wat ek vinnig uitgeskryf het na ek teruggekom het van 'n ontbyt met Broer Vayle.

45 Ek het nooit daarby gekom om die man daar by daardie hotel te bedank nie. . . daardie restaurant nou die aand, wat vir ons—vir ons aandete betaal het nie. Ek en my vrou en my klein dogtertjie was daar, en toe ek gaan om my rekening te betaal, het iemand dit reeds betaal. Wie dit ook al was, ek dank jou. Het gesê: "Die man wat op die end van die bank gesit het." Natuurlik, daar was 'n hele groep daarbinne wat ons geken het. Nou, ek. . . een of ander Kickapoo, so-iets soos dit, die plek hier, restaurant waar ons was. Dankie, wie dit ook al was wat dit gedoen het. Elkeen van julle, God seën julle.

46 Nou, in 16de hoofstuk van Deuteronómium, is dit die pasga onderhouding. So ons wil ongeveer die eerste paar verse lees, eerste vier of vyf, ses verse hier.

> *Onderhou die maand Abib, en hou pasga*. . . (Dit beteken "April.") . . . *die* HERE *jou God; want in die maand van* hierdie *Abib het die* HERE *jou God jou in die nag uit Egipte uitgelei.*
>
> *Jy moet vir die* HERE *jou God as pasga kleinvee en beeste slag, op die plek wat die* HERE *sal uitkies om Sy Naam daar te laat woon.*
>
> *Jy* moet die ongesuurde *boord* daarbinne *eet, sewe dae lank moet jy ongesuurde brood—brood daarby eet,. . . want baie haastig het jy uit Egipteland uitgetrek. . . sodat jy al die dae van jou lewe die—die dag van jou uittog uit Egipteland in gedagtenis kan hou.*
>
> *En daar* sal nie wees. . . *mag by jou sewe dae lank geen* ongesuurde brood *in jou hele grondgebied gesien word nie; ook mag niks van die vleis wat jy die eerste dag in die aand* geslag het, *tot die môre toe oorbly nie.*
>
> *Jy mag die pasga nie slag in een van jou poorte wat die* HERE *jou God aan jou gee nie.*
>
> *Maar op die plek wat die* HERE *jou God* uitgekies het *om Sy Naam daar te laat woon, moet jy die pasga slag, in die aand teen sononder, op die tyd van jou uittog uit Egipte.*

Nou mag die Here Sy seëninge by die lees van Sy Woord voeg.

47 Nou, is daar 'n onduidelikheid in die mikrofoon? Gisteraand het ek gehoor hulle is. Kan julle goed hoor, oral? Julle kan nie hoor nie. [Broer Branham stel die mikrofoon—Red.] Is dit beter? Is dit beter, deur te praat met die mikrofone onder soos dit? Ek is net 'n bietjie hees, so ek staan naby vanmôre vir die doel, en ek hoop dat Broer Pearry dit daar kan—kan ontvang. Kan julle dit nou goed hoor? Ek dink hulle het dit reggemaak. Goed.

48 Nou, die ple-. . . Die ding waaroor ek vanmôre wil praat, is dat God net een plek het waar die aanbidder God kan ontmoet, net een plek. Deur die eeue heen het vele vir hierdie geheime plek van God gesoek, deur al die eeue heen. Selfs Job wou weet waar Hy bly: "As ek net na Sy huis kon gaan en aan Sy deur klop." Job wou God se woonplek vind, want daar word God en Sy familie saam aanbid.

49 Soos gister, in die boodskap gisteroggend, het ons uitgevind dat daar 'n moontlikheid is van 'n persoon om God tevergeefs te aanbid, met opregte aanbidding. God het al hierdie dinge vir ons uitgelê, maar wat die ding daarvan is, ons moet soek om te vind waar hulle is. Paulus het vir Timóthéüs gesê om te soek, en om—om tydig en ontydig te wees, gereed om 'n—'n woord te gee of. . . van die hoop wat in hom was.

50 Nou, al hierdie dinge is daarin. En ons vind. . . Een of ander tyd sou ek graag na Shreveport toe wou kom, waar ons net omtrent twee of drie weke het om net dertig minute per aand te neem en net oor 'n lering, sien, net reg in die Woord bly, hierdie geheime gange, sien, waar ons kon uitvind net hoe ons kon inkom. En hou julle net dop, volg julle God se aanwysing, daar is net een sleutel vir elke deur. Dis reg. En geen ander sleutel nie, maak nie saak hoeveel dit daarna lyk nie, God het geen loper nie; het net een sleutel. En nou, jy moet daardie sleutel hê, of die deur sal nie oopsluit nie. Ongeag hoe opreg jy is, jy kan nog steeds nie daardie deur oopsluit nie.

51 Nou, hoeveel was by gister se ontbyt, nou die oggend? Goed, ek dink meeste, ten minste negentig persent van julle, of meer. As agtergrond van wat ek gaan sê, Dawid was as koning gesalf (deur God gesalf), die grootste koning wat Israel ooit gehad het, buite die Here Jesus (wat God is) die Gesalfde Een. Dawid is sy seun. . . of Jesus was Dawid se seun volgens die nakomelinge, die vlees. En Hy moet op Dawid se troon sit as een. . . oorgeërf, die—die prins erf altyd die—die koning se troon.

52 Let op, nou, dat Dawid wat gesalf is, tog met die salwing het hy, hy het uit die wil van God met daardie salwing geraak; en al die mense, deur nie die loop van die Skrif of die sleutel

tot hierdie openbaring te neem nie, almal van hulle ook gesalf, hulle almal, saam, het uitgeroep en God geprys vir 'n ding wat presies reg gelyk het: om die Woord van God terug te bring na die huis van God. Maar Dawid was koning, nie profeet nie. Sien? Hy . . . Daar was 'n profeet in die land om dit deur te doen, en God het die hele beweging tot skande gemaak omdat hulle nooit die regte sleutel gebruik het nie. Die deur het nie oopgesluit nie. En nou moet ons dit onthou, en dit in gedagte hou. Daar is . . . Alles van God, moet op een sekere manier gedoen word, en daarmee is dit afgehandel. Nou, daar, het God 'n een sekere Kerk gehad waarin Hy die mense ontmoet het, en Hy sal jou in daardie Kerk ontmoet en geen ander kerk nie.

53 Ek het dit gesê omdat ek soveel keer misverstaan is, en mense het my gesê . . .

Ek sê: "Is jy 'n Christen?"

"Ek is Baptis."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek is 'n Metodis."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek is 'n Pinksters."

54 Nou, sien, dit beteken nie een ding vir God nie. Jy steek net met die verkeerde sleutel. Maar daar is 'n regte sleutel, daar is een waar God . . . God het nooit belowe om jou by die Metodis, of by die Baptis, of by die Pinksters, of geen ander denominasie te ontmoet nie. Hy oorweeg nie eens die denominasies nie, hulle is teen Hom.

55 Oor daardie lang Boodskap, ek sal Dit redelik gou by die Tabernakel kry. En dan sal Broer Jack Dit hoor, en dan kan julle sien wat julle Daaromtrent wil doen, want Dit sal opgeneem word.

56 Nou, mense tree op asof God onder verpligting is om hulle net op die basis van hulle teologie te ontmoet. Nou, mense tree so op. Hulle sal selfs nie een met die ander assosieer nie. Die Drie-eenheid of die Pinkster sal nie met die Eenheid assosieer nie, nóg sal die Eenheid met die Drie-eenheid assosieer. Die Metodis sal nie met die Baptis nie, want een is 'n wettiese en die ander is 'n Calvinis, so hulle het geen gemeenskap hoegenaamd nie. En hulle draai die mense se gemoedere so erg dat hulle selfs teen mekaar is.

57 Ek het 'n tydjie gelede in 'n hospitaalkamer gaan bid. Daar was 'n dame wat baie siek daar gelê het, sou onder 'n operasie gaan, hulle het verwag sy sou sterf. 'n Ander dame het daar gelê, ek is gevra, om vir haar te bid. Ek het vir haar gesê: "Sou u omgee net 'n oomblik as ek bid?"

58 En sy het gesê: "Trek daardie gordyn!"

59 En ek het gesê: "Ek is jammer." Ek het gesê: "Ek sou gebed doen."

60 Sy het gesê: "Trek daardie gordyn!"

61 Ek het gesê: "Ja, dame." Sy en haar seun het daar gesit, 'n regte klein *Ricky* uitkyk. En ek het gesê: "Wel, is u nie 'n Christen nie?"

62 Sy het gesê: "Ons is Metodiste!"

63 Het gesê: "Wel, ek het u nie dit gevra nie, ek het gevra of u 'n 'Christen' is." Sien?

64 En dus het sy gesê: "Trek daardie gordyn!"

65 Sien, omdat iemand wat nie 'n Metodis was nie, gebed sou opstuur vir 'n sterwende vrou, wat sy ook was. Maar omdat dit nie met haar eie organisasie geassosieer was nie, wou sy dit nie eens hoor of iets daarmee te doen hê nie. As dit nie 'n Fariseër is nie, het ek nooit een gesien nie!

66 Wag tot julle *Die Spoor Van Die Slang* hoor. Huh. Goed. Nou, dink nou dat hulle denominasie die enigste een is wat by God registreer: "God sal jou nie hoor tensy jy 'n Metodis, of 'n Baptis, of 'n—'n Drie-eenheid, of 'n Eenheid is nie," of so-iets soos dit. Dis verkeerd!

67 En dis my doel; maar as daar so 'n—'n begeerte in mense se gedagtes en hart is om reg te wees. . . Ek glo nie die vrou het dit gedoen omdat. . . of enigiemand anders nie. 'n Metodis sou nie opstaan en standpunt inneem vir die Metodiste kerk omdat hy—hy weet dit is verkeerd nie. Die man dink dis reg. Ek glo nie 'n Drie-eenheid sou 'n Eenheid veroordeel, of 'n Eenheid 'n Drie-eenheid en Pinkster, omdat hy wil anders wees nie, hy dink hy is reg. En julle moet sy idee respekteer. Julle weet, die kombers rek albei kante toe. Maar, onthou, in dit alles, as daar iets in 'n man se hart of 'n vrou se hart is dat hulle geglo het dat dit "reg" is. Dan moet daar iewers wees wat reg is. Soos ek dikwels gesê het: "Wanneer die diepte roep na die diepte, moet daar 'n diepte wees om daardie roep te beantwoord."

68 Julle weet, ons is vertel dat—dat 'n rob eenkeer op die oewer van die—van die see geloop het met pote. Maar nou het hy nie meer pote nie, hulle het in 'n vinne verander, want hy kon. . . het vinne nodig gehad toe hy dit van die land geneem het, 'n pelsdraende dier na die see, die natuur het vir hom 'n paar vinne gevorm in plaas van pote, want hy kon meer swem as wat hy geloop het.

69 Ek kan nie nou aan hierdie groot man dink wat na die suidpool gegaan het nie. Wat was sy naam? Byrd. Hulle sê dat hy baadjies vir sommige vee laat maak het op hierdie ekspedisie; dat hy die vee geneem het vir melk. En hy het pelsbaadjies gemaak om die vee te weerhou om dood te vries. Maar toe hy daar kom, het hulle nie enige pelsjas nodig gehad

nie, die natuur het hulle een laat groei. Sien? Hoekom? Voor daar 'n vin op 'n vis se rug was, moes daar 'n water vir hom wees om in te swem of hy sou nooit 'n vin gehad het nie. Daar. . . Voor daar 'n boom was om *in* die aarde te groei, moes daar eers 'n aarde daarvoor wees om in te groei, of daar sou geen boom gewees het nie.

70 So, julle sien, solank daar iets in die menslike hart is wat vir iets uitroep, moet daar iets daarbuite wees om te reageer, om daardie geroep te bevredig.

71 'n Vrou. . . 'n Lykskouing is 'n tyd gelede hier op 'n vrou gedoen wat gesterf het. En die rede, hulle—hulle beweer, wat haar doodgemaak het, sy het gedurig uie geëet, die heeltyd. As sy nie uie geëet het nie, sou haar kop jeuk, en alles, hulle kon dit nie verstaan nie. So deur die lykskouing te hou, het hulle 'n gewas in die vrou gekry van sommige soort selle; hulle het 'n—'n naam daarvoor gehad. En hulle kon daardie gewas neem en dit in 'n bak uie sit, en dit het die uie oornag opgelos. Sien? Wat was dit? Dit was iets in die vrou wat vir uie uitgeroep het, en as daar geen uie was nie, sou daar nie 'n gewas gewees het nie.

72 Met ander woorde, daar moet eers 'n Skepper wees, voor daar 'n skepping kon wees. Sien?

73 Nou, as daar 'n verlange in die menslike hart is, soos Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Katoliek, al hierdie ander, daardie een ware weg probeer vind, en hulle deur hulle priesters en pastore, ensovoorts, gesê word dat "Hierdie is die ware weg." Hulle sê, die priester sê: "Daar is geen redding buiten die Katolieke kerk nie."

74 Wel, elke kerk neem sy. . . hulle eie idee. Sommige van hulle sal dit nie erken nie, maar hulle doen dit deur hulle dade. Jou dade spreek harder as jou woorde. Dis net 'n. . . Op 'n manier, hulle is net meer van 'n huigelaar as wat die Katoliek is. Die Katoliek sê dit reguit: "Ek glo dat dit die enigste ding is," maar hulle sal dit nie doen nie. Hulle steek dit weg, maar hulle dade bewys wat hulle dink. Sien?

75 Nou, daar moet dan een plek wees, want daar is 'n begeerte in die menslike hart om Dit te vind. En ek dink dat die Woord van God die antwoord het vir alles wat ons nodig het. So God het die antwoord, en laat ons nou daarvoor in die Skrifte soek. En dan, as God ons deur die Skrifte die enigste plek sal wys, die enigste grond, (die enigste denominasie, as dit so is), die enigste manier wat God 'n mens sal ontmoet, dan behoort ons daarby te hou, want ons het die Waarheid van die Bybel gevind, wat Dit sê.

76 Nou, die woord *Deuteronómium*, die woord self beteken "twee wette," die woord *Deuteronómium*. En God het twee wette. Die twee wette: een van hulle is ongehoorsaamheid aan

die Woord, en sterf; en die ander een is gehoorsaamheid aan die Woord, en lewe. Dis die twee wette, en Deuteronómium beteken daardie twee wette. Hulle is albei absoluut aan ons in die Skrif vertoon. Een van hulle is dood, die ander een is Lewe; Lewe en dood. God deel net in Lewe, Satan net in dood. En hierdie is openlik aan die wêreld vertoon, openlik voor elke oog, en daar is geen verskoning daarvoor nie. Een van hulle is op die Berg Sinai vertoon toe die wet gegee is, wat die hele menslike ras tot die dood veroordeel het; die ander een is op die berg Gólgota gegee, wat die hele menslike ras tot die Lewe gebring het, toe die boete in Jesus Christus betaal is. Die twee wette van Deuteronómium is in hierdie twee, groot dinge vervul.

77 Ek wil hê julle moet weer oplet, daar was ook twee verbonde gegee. Een verbond is vir Adam gegee, wat op voorwaardes was, soos die wet: "*As* jy dit nie sal aanraak nie, dan sal jy lewe; maar *as* jy dit aanraak, sal jy sterf." Dit was 'n wet. Toe is daar 'n ander wet aan Abraham gegee, wat deur genade was, onvoorwaardelik: "Ek het jou en jou saad gered," na Jou. Amen! Dit is 'n tipe van Gólgota, nie die tipe van—van—van Adam verbond nie, dis 'n Abrahamiese verbond.

78 Maar nou hoor ons Hom sê, daar is net een plek waar Hy die mens sal ontmoet om te aanbid. Julle het reg hier in my teks gehoor. Ons sal daarna terugverwys, binne 'n paar minute.

79 Dan, as daar net een plek is waar God die mens ontmoet, moet ons liewer baie versigtig wees. Nou, laat ons tradisies vanmôre opsy sit, en...in hierdie Sondagskoolles, en baie seker wees dat ons daardie een plek vind. Want, God het hier gesê, Hy sal jou nie in enige ander plek ontvang nie. Enige ander kerk, sal Hy jou nie in ontvang nie. Alleen in Sy Kerk, die enigste plek waar Hy jou sal ontvang.

80 Nou: "Wat sou jy sê, Broer Branham? As ek opreg is?" Nee.

81 Onthou, Jesus het met sommige opregte mense gepraat, die aanbidders van Sy dag, en Hy het gesê: "Tevergeefs vereer julle My." Ware, egte aanbidding uit die diepte van hulle harte. "Tevergeefs vereer julle My, deur leringe te leer wat gebooie van mense is," of hulle denominasionele geloofsbelydenis. Opreg, eerbiedig, net so godsdienstig soos hulle kan wees. En dit was nie nuut net met die Fariseërs nie. Kain en Abel, die eerste twee aanbidders wat gebore is, natuurlike geboorte hier op aarde, het absoluut in dieselfde gesindheid gekom.

82 Kain was net so godsdienstig as wat Abel was. Hulle het albei altare gebou. Hulle het albei God liefgehad. Hulle het albei offerandes gemaak. Hulle het albei aanbid. Hulle het albei tiendes betaal. Hulle het albei alles presies dieselfde gedoen. Maar Abel, deur *geloof* wat "die openbaring" is, die Woord van God geopenbaar, duidelik gemaak, uitgewys, en

bevestig. Glorie! Kain het 'n offerande gemaak, maar God het dit nie bevestig nie. God het aanbidding vereis, en Kain het die offerande gemaak; maar God het dit nie bevestig nie. Maar deur die ware kanaal. . .

83 Julle sê: "Wel, my kerk is Dit. My. . ."

84 Wag net 'n oomblik. God interpreteer Sy Eie Woord deur Sy terme waarin Hy gespreek het. Sien, Kain het gesê: "Ek is godsdienstig. Ek is 'n liefhebber van my Maker. Ek offer aan U hierdie pragtige altaar. Ek offer aan U hierdie offerande. Ek het al hierdie dinge opgebou, Here, omdat ek U liefhet." Abel het dieselfde ding gesê. Nou, dis die een wat bevestig is, die een wat bewys is. En God het afgekom en Abel se offerande aangeneem, omdat hy deur openbaring die ware kanaal van God getref het, wat aanvaar is.

85 Nou, hou daardie Kaingees dop wat algaande afkom deur die Skrif, reguit tot by hierdie einste laaste dag. Fundamenteel? Net so fundamenteel soos die ander een was.

86 Kyk na die profeet Bileam en die profeet Moses. Albei van hulle met sewe altare, Jehova se altare, bloed op elkeen, en nie net dit nie, maar ramme op elkeen. In getalleleer, presies die regte getal, *sewe*: "volmaak," sewe ramme. Net presies dieselfde, beide altare. So fundamenteel soos een was, was die ander een ook. Maar wie het God bevestig? Sien? Sien? Die een wat in Sy Woord was. Fundamenteel beteken nie te veel nie, dis die openbaring van God.

87 Dink nou! Hierdie manne, waarom is hulle genoem en in hierdie posisie geplaas (hierdie Fariseërs) deur Jesus, gesê: "Tevergeefs vereer julle My"? Aanbid Hom: egte aanbidding, ware aanbidding uit hulle harte. "Julle. . .Tevergeefs vereer julle My." Waarom? "Leer vir lering julle gebooie van mense, daarom maak julle die gebooie van God van geen effek op die mense nie."

88 As ek julle 'n Metodiste boodskap gebring het, sou dit geen effek op julle hê nie, hierdie is Bruidtyd. As Moses die boodskap van Noag geleer het, sou dit geen effek hê nie. As Jesus Moses se boodskap geleer het, sou dit geen effek hê nie. Omdat die voorbestemde saad daar lê wat net deur daardie tipe water benat sal word wat vir daardie saad gegee is. Sien? Dit sal nie groei onder enige ander toestande nie. Dit moet die toestande wees wat dit laat groei.

89 Nou, julle kan 'n hoendereier neem en dit in 'n broeikas sit, wat onder 'n hen behoort te wees, maar dit sal in elk geval uitbroei. Sit dit onder 'n klein hondjie, dit sou uitbroei. Dis die warmte, die toestande wat dit laat uitbroei. So dit moet onder toestande wees. Jy kon 'n goeie lewendige eier neem en dit onder 'n dooie hen sit, dit sal nie uitbroei nie. Sien? Sien, dis die toestande.

90 Wel, dis hoe dit in hierdie eeu is waarin ons lewe, jy moet vind wat God se manier is om dit vir hierdie eeu te doen. Dis wat Martin Luther gevind het, dis wat John Wesley gevind het, dis wat die Pinksters in hulle eeu gevind het. God se eeu en tyd om dit te doen.

91 Nou, die Pinksters. Daardie broer, een...Ek glo hy... een van sy oë was uit, 'n gekleurde broer wat regtig die Pinksterboodskap in Kalifornië, ou Azusastraat, begin het. Hy was voor gelag, en omdat hy 'n neger was, is spot met hom gedryf, maar hy het 'n boodskap vir daardie eeu gehad. Net 'n klein geboude kêreltjie wat skaars sy eie naam kon teken, maar die Here het aan hom openbaar dat dit die eeu is vir die herstel van daardie gawes, en hulle het gekom. Ongeag *wat* gesê is, dit het gekom. Maar almal het in die atmosfeer daarvan gekom, en gesien dit was daardie eeu, en het gesien dat God bevestig dat daardie mense met tale kon spreek, ensovoorts, dit het gebeur. Maar toe toe hy gegaan en dit vasgelê het dat "dit die enigste bewys is," dit het dit doodgemaak. Sien? Gaan net voort, sien. Dit het dit gedoen. Toe het hulle *dit*, *dat* begin skei, en denominasies gemaak, en een kom op 'n wolk, en die ander een het in 'n bos gekom. En o, goeiste, daar gaan dit.

92 Dis wat denominasies doen. Sien? God is nie 'n bewerker van denominasie nie, want denominasie is Babilon, en Hy is nie die bewerker van verwarring nie. Ons sien haar hele... Jy hoef nie eens intellektueel te wees om dit te sien nie. Dis Babilon! Sien? Tradisie (dink daaraan), opregte mense. Nou, steeds, omdat hulle dit glo, behoort daar steeds een opregte plek te wees waar God ontmoet.

93 Nou, let op vers 2: "Aanbid in die plek wat Ek gekies het." Die offerande, natuurlik, waar hulle aanbid, gaan doen offerande. "Die plek wat Ek gekies het, nie wat jy gekies het nie, wat die mens gekies het nie. Maar wat Ek gekies het, aanbid julle in hierdie plek." Daar wys dit daar is dan net een plek, ander is tevergeefs. Dit moet nie van *jou* keuse wees nie, maar dit moet Sy keuse wees.

94 "Wel, ek hoef nie na die kerk te gaan nie." Of: "Jy is so verkramp! Wel, jy sal selfs met vroue baklei oor preek, en...of vroue oor hul hare knip, en mans oor hierdie ander dinge. Wel, jy is so verkramp!"

95 Goed, jy hoef nie God se Woord daaroor te neem nie, gaan jy voort daar waar hulle dit doen. Sien? En jy sal uitvind dis in die Skrif, so: "Tevergeefs vereer hulle My." Sien? Jesus het van dieselfde ding gepraat. Sien?

96 Dat elke klein jotatjie, alles, waarin jy getrou moet wees. Altyd die klein—die klein wynstokkie, die klein—die klein jakkalsie wat die wynstok bederf. Soms laat jy...Dis nie die groot dinge wat jy doen nie, dis die klein dingetjies wat jy

nalaat om te doen. Onthou, 'n ketting is net op sy sterkste by sy swakste skakel. "Geseënd is hulle wat *al* die gebooie van God doen, dat hulle 'n reg kan hê om in te gaan." Doen *alles* wat God gesê het, en Dit het vir vroue gesê om lang hare te hê.

97 Julle sê. . .'n Man het my nie lank gelede nie vertel, gesê: "Ek preek nie 'n wasgoedlyn godsdiens nie."

98 Ek het gesê: "Dan preek jy nie die Evangelie nie." Ja.

99 God het dit daar voorgelê, Hy het gesê wat om te doen. En jy doen dit óf. . .Dis jou natuurlike, redelike ding. Watter klein dingetjie. . .wat. . .die klein onbelangrike. Jesus het gesê: "Geseënd is hulle wat die hele klein dingetjie, die klein dingetjie doen." En 'n vrou om haar hare te laat groei, dis net 'n. . .wel, dis sommer iets wat *sy* kan doen, en sy wil dit nie eens doen nie. Sy wil dit nie eens doen nie.

100 "O, leer ons die groot dinge."

101 Hoe kan ek die groot dinge leer, wanneer julle nie die eenvoudige, algemene ding wil doen nie? Want, julle sien, julle motief en julle doelwitte is verkeerd.

102 Dis jou liefde tot God: "Here, ek gee nie om wat U my wil laat doen nie, ek is gewillig om dit te doen." Dan kom jy iewers, maar as jy dit nie so doen nie, soos Hy gesê het om dit te doen nie. . .

103 Dis Sy keuse: "Die plek wat Ek gekies het." Dis waar jy met jou offerande aanbid."

104 Jy sit. . .Kain het sy offerande gebring, Abel het syne gebring, dit hang af van na watter plek jy dit toe inneem. As jy dit in die plek inneem waar, Hy gekies het, sal dit in orde wees, Hy sal dit aanneem; as dit nie is nie, sal Hy dit nie aanneem nie. Maak nie saak. . .dis dieselfde offerande, wat dit ook al is, dis steeds on-. . .verwerp, tensy dit na daardie een sekere plek gebring word.

105 Nou wil ons uitvind waarheen ons hierdie offerande wil bring. As ons kon uitvind. . .Ons almal wil Hemel toe gaan. Nie waar nie? En ons almal weet ons het verkeerd gedoen. Ons glo almal dat Jesus die Offerande is. Nou wil ons weet waarnatoe om Hom te neem, dit sou wees—dit aangeneem sou word. Sien? Dis reg. Die Bybel sê ons waarnatoe om Hom te neem, en dan sal dit aangeneem word; afgesien daarvan, sal dit nie aangeneem word nie.

106 Laat ons hier ook na die plek oplet wat Hy gekies het vir die offerande om neergelê te word, die plek wat Hy gekies het om die offerande te sit. Jy kan dit nie op enige van hierdie poorte sit nie; maar die plek wat Hy gekies het om dit in te sit, het Hy ook Sy Naam in daardie plek gesit. Sien, dis wat Hy

hier gesê het. Hy het gekies om Sy Naam daarin te sit. Nou laat ons die Skrifte vir hierdie plek soek, want dit is die plek waar Hy Sy Naam gesit het.

107 Nou, laat ons van die teks lees. En ek het 'n klein notatjie wat hier lê wat ek. . . vanmôre tot my gekom het. Laat ons die 2de vers van hierdie hoofstuk neem. Nou, ek wil nie te lank hou nie, ter wille van die mense op hierdie verbindings hierbuite. Nou die 2de vers van hierdie 16de hoofstuk:

> *Jy moet vir die* HERE *jou God as pasga kleinvee en beeste slag, op die plek wat die* HERE *sal kies om Sy Naam daar te laat woon.*

108 Nou, jy kan nie hierdie. . . jou opregtheid en alles neem wat jy wil bely nie, jy kan dit net nie na die Metodiste altaar neem, na 'n Baptiste altaar, na 'n Pinkster altaar nie, maar daar is iewers 'n altaar wat Hy gekies het dat Hy. . . om Sy Naam daarin te sit, en Hy sou jou by daardie plek ontmoet. Nou, as jy alles net reg aan die gang kry, sal dit sy gang gaan, alles is in orde geplaas. As daar 'n kortsluiting in daardie draad is, sal daardie lig nie aankom nie, want dit is geaard. En wanneer jy een van God se Woorde of een van Sy plekke sal neem, en in jou eie hart selfsugtige doelwitte hê, sal dit die krag van God net daar aard. As jy dit doen omdat jy slim wil wees, jy anders as iemand anders wil wees, of iets, net daar is dit geaard, dit sal die sekeringsdraad net daar blaas. Jy is verkeerd. Jy moet met opregtheid kom, met jou hele hart. Jou motiewe en jou doelwit, plaas dit op God. Soek dan vir *Sy* plek, vind waar Hy gesê het, en bring dit daar. Sien?

109 Kyk na Martha en Maria. Toe Jesus teruggekom het, na Hy hulle hierdie Evangelie geleer het (die Lig van Sy dag, Hy wat die Messias is), was Hy gehaat, verwerp. O, die Fariseërs en kerke het Hom verag. Maar Lásarus het gesterf, die broer wat 'n boesemvriend van Hom was. Hy het hom daar laat lê, en hulle het Hom laat haal, Hy het nie eens gekom nie.

110 Maar hou Martha dop, haar gesindheid. Sy het gesê: "Here, as U hier was." Gee Hom Sy regte titel: Here, hoofletter H-e-r-e; *Jvhu*, Jehova. Glorie! "As U hier was, sou my broer nie gesterf het nie." Lewe en dood kan nie met mekaar in dieselfde kanaal, of dieselfde huis assosieer nie. "U sou. . . Hy sou nie gesterf het nie."

111 Jesus het vir haar gesê: "Ek is die opstanding en die Lewe," het God gesê. Toe Hy eerste gesê het: "Jou broer sal weer lewe."

112 Sy het gesê: "Ja, Here, ek glo dit werklik. As 'n Jodin, glo ek dat daar 'n algemene opstanding van die dode sal wees, en ek glo my broer was net so lojaal en opreg in aanbidding. En ek glo dat U daardie Messias is, wat in die Bybel gesê word, omdat God Sy Woord in U bevestig, wys dat U die

boodskapper van hierdie uur is. U is daardie Messias. Ek glo U is daardie Christus wat sou kom, want U werke getuig dat God U hier gestuur het om daardie Messias te wees." O, goeiste! Hou die ratte dop wat nou inskakel. Sien?

113 Nou, sy het 'n reg gehad om te sê: "Waarom het U nie my broer kom oprig nie? Waarom het U hom nie genees nie? U het ander genees. U eie beste vriend, en kyk nou wat gebeur het." Nee, nee, daardie soort doelwit kom nêrens nie.

114 "Ek glo dat U presies is wat U in die Skrif geïdentifiseer word om te wees. Ek glo dit is die dag dat die Messias moes kom; ons het daarvoor uitgekyk. Ek gee nie om wat die res van hulle sê nie. Ek glo met my hele hart dat wat ek gesien en gehoor het deur die Woord, dat die Woord in U bevestig word dat U daardie Messias is." Sien, diep onder in haar, sy—het sy iets gehad om voor te vra, maar sy moes na die regte kanaal toe kom.

115 Wat as sy daarheen sou hardloop en sê: "En dan sê U my U is daardie Messias! En nie eens die hoflikheid, nie genoeg van 'n heer om op ons versoek te antwoord, wanneer ons U gevoed en U gehuisves het en alles, en vir U opgekom het, en ons kerke verlaat het, soos U ons aangesê het om uit daardie denominasies te kom nie." Sien? "En hier het ons dit verlaat, en nou word ons as uitgeworpenes en afvalliges bestempel. En alles wat ons vir U gedoen het, en dan nie eens die algemene ordentlikheid om my oproep te antwoord nie?" Nou, eintlik het sy daardie reg gehad.

116 Soos julle oor julle kort hare sê: "Ek is 'n Amerikaanse burger, ek kan kortbroek dra, enigiets doen wat ek wil, nie onwettig nie." Dis jou regte, maar 'n skaap verbeur altyd sy regte. Uh-huh. As jy 'n lam is, het jy niks anders as wol nie, hy verbeur dit. Dis sy Godgegewe regte, maar hy verbeur dit.

117 "Ek het 'n reg om by enige denominasie aan te sluit." Dis presies reg, maar jy verbeur dit. Sien?

118 Sy het alles verbeur waarvoor sy regte gehad het, om, om die Woord van God te herken wat reg daar voor haar gemanifesteer is.

119 Hy het gesê: "Ek is die opstanding en die Lewe. Hy wat in My glo, al is hy dood, tog sal hy lewe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?" Sien, daar was nog een klein klousule waaraan sy nie voldoen het nie. Sien?

120 "Ja, Here! Ek glo dat U die Christus, die Seun van die lewende God is!" O, broer, alles was toe dadelik net gereed om vonke te laat spat. Sien?

121 "Waar het julle hom neergelê?" Sien? En julle weet wat plaasgevind het.

122 Sien, jy moet op daardie regte plek kom voor Hy jou offerande sal aanneem. Sien, moet daarin kom. Kyk.

. . . in die plek wat die HERE *sal uitkies om Sy Naam daar te laat woon.*

Jy mag *geen gesuurde brood* daarin *eet nie; . . .*

123 Wat tipeer dit in die offerande? Moet dit nie met enige geloofsbelydenis meng nie, moet die Woord wees. "*Geen gesuurde brood nie.*" Suurdeeg is die . . . Julle weet wat 'n suurdeeg in enigiets is. "'n Klein bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur," die hele deeg is die Liggaam. Jy kan nie een stippeltjie van denominasie of geloofsbelydenis in Christus plaas nie. Nee, meneer, dit sal nie werk nie.

124 Onthou julle die laaste Donderdagaand se boodskap? Jou ou man moet dood wees. Reg. Jou nuwe man is die Woord.

. . . sewe dae lank moet jy ongesuurde brood daarin *eet, . . .*

125 "*Sewe dae,*" wat tipeer dit? Die volledige Sewe Kerkeeue, sewe dae. Waarom moes hulle dit sewe dae lank eet? Voor wat? Voor uitgang. En die hele kerkeeu, van die begin tot die einde, moet alleenlik op die Woord van God van daardie eeu lewe. So jou Roomse geloofsbelydenis, Metodis, Baptis, en Pinkstergeloofsbelydenisse is almal dood.

126 Hou nou dop.

. . . daarin *eet nie, selfs die brood van ellende, . . .* (Vervolg Daarvoor; Luther, Wesley, Pinksters; almal vervolg, en so sal jy.) . . . *want baie haastig het jy uit Egipteland uitgetrek: . . . jy die dag mag* bly *toe . . . die dag kan onthou toe jy uit Egipteland uitgetrek het al die dae van jou lewe.*

En daar mag geen suurdeeg gesien word in . . . by jou in jou hele grondgebied vir sewe dae nie; . . .

127 In die pragtige Bruid van Christus, na Haar dood deur die Donker eeue heen deur die Romeinse ryk, dat Sy moes sterf: "As 'n koringkorrel nie in die grond val nie." Die Bruidegom moes kom, die volmaakte Meesterstuk van God. Julle het almal my boodskap daaroor gehoor.

128 En ek het daar in Los Angeles by Forest Lawn eendag gestaan, en my hart het gespring. Hoeveel was al in Forest Lawn? Daar is 'n . . . die standbeeld van Moses deur—deur . . . -angelo, glo ek is dit, Michelangelo. En dis 'n volmaakte standbeeld, behalwe op die regterknie; daar is 'n keep van omtrent 'n halfduim diep. En die gids . . . Ek het gekyk en hy het dit aan my uitgewys. Hy het gesê: "Michelangelo het 'n leeftyd spandeer om te probeer om te—te maak . . . Hy was 'n beeldhouer, en hy het probeer om die beeld van Moses te maak. Agter in sy kop het hy in gedagte gehad hoe Moses moes lyk. Hy het dit in sy hart gehad, hoe Moses moes lyk. En toe het hy sy leeftyd spandeer, 'n bietjie hier gebeitel, en 'n klein bietjie,

teruggestaan en daarna gekyk. Jaar na jaar na jaar het hy daaraan gewerk. Oplaas toe dit voltooi is en hy teruggestaan en sy lap en sy hamer neergelê het, het hy na die standbeeld gekyk. Dit was so volmaak die beeld van Moses wat hy in sy hart gehad het, totdat hy so buite homself geraak het, dat hy die hamer gegryp en dit geslaan het, geskreeu het: 'Praat!'" Dit word *Michelangelo se Meesterstuk* genoem. Daardie groot iets in daardie beeldhouer, daardie visioen wat hy gehad het van wat Moses by behoort te wees, het net in tipe vertoon van die groot Vader God.

129 Hy het in Sy hart gehad, voor die grondlegging van die wêreld, 'n Seun, want Hy is 'n Vader. Maar dit was nog in die gene van Sy Woord. En hy het 'n man geskape en Hy moes hom op vrye morele keuse sit, maar daardie man het geval. Maar die groot Beeldhouer, God, wat die mens uit die stof van die aarde gemaak het, het nie daarmee genoeë geneem nie, Hy het weer 'n man begin maak. En Hy het 'n Noag gemaak, hy het dronk gesterf. Hy het 'n Moses gemaak wat misluk het om Sy Woord te hou. Hy het profete gemaak wat in tyd van moeilikheid gehardloop het. En Hy het aangehou met bou en vorm tot na 'n tydjie Hy 'n—'n meesterstuk wou hê, om Hom te reflekteer, Sy natuur, wat in Sy hart was wat 'n seun moes wees.

130 Eendag, aan die Jordaan, na daardie Meesterstuk gevorm en gemaak is, daar kom Hy en stuur in 'n . . . op die vlerke van 'n Duif, het gesê: "Dit is Hy!" Hy, was so entoesiasties oor hierdie Meesterstuk totdat Hy Hom op Gólgota geslaan het, dat Hy sou sterf, want die res van ons was onvolmaak, dat deur die stort van Sy Bloed, Hy baie meesterstukke (wat 'n Bruid is) na Sy Seun kan bring. Die Meesterstuk is gelitteken, deur die entoesiasme van God om so 'n Meesterstuk te sien, het Hy Hom vir ons almal geslaan. Sien? Daar het Hy gesterf, om ons te vervolmaak wat onvolmaak is. Die Meesterstuk.

131 Let op hierin. Hy het gesê:

> . . . *sewe dae* sal julle hierdie *ongesuurde brode eet* . . .

132 Nou, brood is getipeer. Jesus het gesê: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord." Nie net—net 'n Woord hier en daar soos denominasies jou Dit sou wou laat glo nie. Maar die Woord van God is volmaak! Dis God Self in lettervorm, 'n "Saad" genoem. En die regte soort onvervalste geloof in daardie Woord sal daardie Saad tot sy Lewe bring.

133 Dis presies wat julle saans in die onderskeidings sien, en al hierdie ander dinge, want dis 'n belofte wat God gemaak het. En Hy het by my gestaan en my dit gesê, en het my gesê hierdie "bedrieërs sou opstaan, maar bly staan." Ek glo Dit. En geen selfsugtige motief, om enigiemand seer te maak nie, maar om eerbiedig teenoor God te wees en die werk te doen waarvoor

Hy my geroep het om te doen, dis waarom ek hierdie dinge sê. En God bekragtig dit terug, en neem die offer en die offerande aan, deur dit as die Waarheid te bevestig. Geen twyfel Daaraan nie! Nou, hou daardie Woord dop!

134 Nou, ons let hier op: "*Sewe dae*," dis vir elke kerkeeu. Nou, terwyl daardie Meesterstuk moes sterf, om opgewek te word om ons almal te verlos. Toe het Hy 'n Kerk in orde gebring by Pinkster, maar daardie Kerk moes deur 'n offer gaan en die Romeinse wêreld het dit doodgemaak, hulle in die grond gesit.

135 Soos hierdie skrywer van hierdie boek, ek kan nie nou daaraan dink nie, soveel die spot met my gedryf het, en gesê het: "Van al die duiwels, is dit William Branham." Sien, dis wat die Duiwel probeer dink. Hy het gesê: "Visioene en dinge," het gesê: "dis van die Duiwel." Hy het gesê: "O, hy is een of ander soort hipnotis, of werk in super sensoriese persepsie." Die intellektuele wêreld probeer altyd om Dit te begryp.

136 Dis waar hulle probeer het om Jesus te begryp. "Hoe doen U hierdie dinge? Wat het dit gedoen?"

137 Hy het gesê: "Ek sal julle 'n vraag vra. Was die bediening van Johannes die Doper. . . Was dit van God of was dit van die mens?" Sien?

138 Het gesê: "Ons kan nie sê nie."

139 Het gesê: "Nóg sal Ek julle sê." Dis reg, en het voortgegaan. Van toe af het niemand hom enigiets gevra nie. Sien? Het hulle net afgesny, Hy het hulle niks Daaromtrent vertel nie; gaan hulle nie aan nie. Hy het 'n werk om te doen en Hy het dit voltooi.

140 God help ons om dieselfde ding te doen. Ons hoef nie die Duiwel se vrae te beantwoord nie, dis reg: "As U is, doen *dit en dit*." Jy is verantwoordelik vir daardie Evangelie, 'n prediker is, en dis al, nie hoe Dit geskryf is nie, dis net verantwoordelik om Dit te sê.

141 En as 'n dienskneg, as jy 'n profeet is, is jy aan God verantwoordelik. En as die visioene wat kom, dit hierdie Skrif verlig en wys wat Dit is, is jy verantwoordelik vir elke Woord wat in daardie Bybel is, want Dit is alles deur dieselfde soort mense geskryf soos jy is. "God van ouds het deur die profete beweeg, en het die Hei-. . . die Heilige Bybel geskryf." Sien? En geen ware profeet van God kon een Woord Daarvan ontken nie, maar elke Woord glo en dieselfde preek. En dan is God verplig om uit daardie kanaal daardie Woord te laat gebeur presies net soos Dit belowe is, die Saad sal groei.

142 Nou, let weer op, vinnig, ons vind hier dat al sewe dae, dat hierdie brood geëet moes word, deur Sewe Kerkeeue. Nou, toe dit moes sterf en in die grond gaan.

143 En hierdie kritikus wat oor my gepraat het, het gesê: "Van 'n God wat julle mense aanbid, wat in die Donkereeue kon sit en daardie moeders, swanger, sommige van hulle met klein babatjies in hulle arms, opregte mense, aanskou, in die arena gegooi word en die leeus hulle uitmekaar skeur, en hulle skreeuend; hulle aan kruise hang en hulle verbrand; die vroue nakend stroop, jong maagde, en hulleself agtertoe gooi soos *hierdie*, en leeus op hulle sit." Het gesê: "'n God wat in die Hemel kon sit, veronderstel om op Sy troon te wees, en afkyk en sê Hy geniet dit."

144 So dan, sien, dis die intellektuele opvatting wat van die Duiwel is. As die man geestelik was, sou hy geweet het dat daardie koringkorrel moes sterf, dit moes in 'n Roomse katedraal begrawe word.

145 Maar toe het die eerste klein spruitjie Lewe in die herlewing deur Martin Luther voortgekom, dat: "Die regverdige sal nie deur 'n geseënde kousjer lewe wat 'n priester geseën het nie, maar deur die Woord van God. 'Die regverdige sal deur die geloof lewe!'" Dit het twee spriete gebring, die koringkorrel begin groei.

146 Toe kom John Wesley aan en het daarby gevoeg. (Daar was baie ander, wat. . . Zwingli—hulle het voortgekom en die maagdelike geboorte ontken, en dit het net uitgesterf). Maar daar kom die Metodis, die pluim, die stuifmeel, die sendingdag. En hulle het heiligmaking verkondig, het die pluim bygevoeg.

147 Toe kom die Pinkster in die doppie, tot soverre, om die Uitverkorenes te mislei. Het soos 'n regte koringkorrel gelyk; maak dit oop; daar is geen koring hoegenaamd nie. Maar die Lewe beweeg deur die doppie.

148 Nou, het julle opgelet, elke drie jaar na 'n—'n groot ontmoeting, wat plaasvind? 'n Denominasie. Dit is twintig jaar en geen denominasie nie. Dierbare sterwende Lam, mag dit nooit dit doen nie. As ek in hierdie geslag gaan, mag die mense wat hierdie Boodskap glo nooit stilstaan vir 'n denominasie nie. God sal. . . Julle sal net in julle spoor sterf! Onthou dit! Die einste uur wat julle denominasie onder julle noem, ek gee nie om hoe opreg julle is nie, manne vir julle leier neem in plaas van die Heilige Gees om hierdie Woord te bevestig, is dit die uur wat julle sterf! Die ware Saad kan nie, want daar is niks oor na die saad nie, dis dieselfde ding wat destyds by die begin was. Dis die Bruid wat in die aarde geval het om weer die koringaar voort te bring.

149 Let op:

> . . . *sewe dae sal julle ongesuurde brood eet* . . .

150 En daar sal met die Bruid wees. . .

151 Nou, julle mense wat daardie ou jubelende Metodiste moeder gehad het, ensovoorts, dat julle gewonder het: "As sy nie in tale gespreek het nie, gaan sy nie daar wees nie." Dis 'n leuen! Sy was daardie selfde Heilige Gees wat julle vandag het, maar dit was onmoontlik vir hulle. . . nie herstel van die gawes nie. Maar al sewe dae, eet net die ongesuurde brood, die Woord. Hulle, destyds, hulle wat denomineer het, hulle is dood. Hulle is stingel, hulle sal net bymekaar gemaak word en verbrand word. Maar die Lewe gaan reguit aan deur. En wat het gebeur? Al die Lewe wat in die stingel, in die pluim, in die doppie was, alles kom in lyn in die koring. En daardie selfde Heilige Gees wat Luther gebring het, Wesley gebring het, die Pinksters gebring het, eindig in die Bruid by die opstanding.

152 "Sewe dae, eet ongesuurde brood." Geen suurdeeg sal onder die Bruid gevind word nie, geen—geen woord bygevoeg nie, geen niks nie. Onthou, een woord het elke sterfte veroorsaak wat op die aarde is; elke buite—egtelike kind is gebore omdat Eva, die eerste kerk, die bruid van die eerste Adam, God se Woord betwyfel het en 'n denominasionele, of 'n intellektuele, of 'n skool uitsonderings Daarvan aangeneem het, want Dit is uitgeredeneer, en: "Sekerlik, God is 'n goeie God." God is 'n goeie God, maar Hy is ook 'n regverdige God. Ons moet Sy Woord hou! Skool, sy, het dit aangeneem.

153 Daar is waar sommige van julle kweekskoolkêrels, ongetwyfeld 'n roeping in jou lewe, maar jy gaan na een of ander Bybelskool om hierdie doktrine in jou ingespuit te kry, en daar is waar jy sterf. . . Bly by God en Sy Woord. Hulle wil jou nie toelaat nie, of, jy kan nie eens aan hulle gemeente behoort nie, sal jou nie op die verhoog aanvaar nie. So laat hulle dit hê, laat die dooies die dooies begrawe, laat ons Christus die Woord volg.

154 Nou, sewe dae lank sal daar geen suurdeeg in die Bruid, die Kerk, vermeng word nie, sewe dae.

155 Nou, let op.

> *En daar mag geen gesuurde brood in jou hele grondgebied gesien word nie sewe dae;* . . . (Die offer hier is 'n tipe: die Bruid wat uit die offer voortkom, wat Christus is.) . . . *ook mag daar* niks *van die vleis wat jy die eerste dag in die aand slag* . . .

156 En onthou—onthou hoe ons pas deur die Kerkeeue gegaan het? Die boodskapper aan die kerk kom altyd net teen die sterftyd van die ander kerkeeu, altyd. Die sterwe van die Pinkster bring die wegraping van die Bruid voort. Sien? Die sterwe van Luther het Wesley voortgebring. Sien? Die sterwe van Wesley het Pinkster voortgebring. Die sterwe van Pinkster bring die Boodskap nou voort. Hier, dis net hier, deur die hele Skrif nagevolg. Daar is nie 'n skrif in die Bybel sonder dat een

by die ander aansluit nie. Sien? Al hierdie tipes, ek het geen geleerdheid nie, maar ek het die Heilige Gees wat my deur 'n ander kanaal wys wat my dit uit die natuur leer, en dis deur die Woord. Moet die Woord wees, wat Sy belofte bring.

> . . . *vleis* . . . die offer *die eerste dag* . . . *ook, in die aand tot die môre toe oorbly nie.*

157 Nou, selfs Luther, hy het die Waarheid gehad en het die kerk "die regverdige sal deur die geloof lewe" geleer. Jy wil nie daaraan vashou as om die volle doktrine te wees in die Metodiste eeu nie. Wat sal jy doen? Verbrand dit met vuur. Wat was die tipe daarvan? Die denominasie wat uit daardie Woord kom, is 'n dop, die stingel, die omhulsel blare, moet met vuur verbrand word. Daardie denominasionele deel waardeur dit kom moet nie bly nie, moet sterf. Moet dit nie laat bly tot die aanbreek van 'n ander—'n ander eeu nie, verbrand dit! Hy praat nou met die Bruid hier, net die Bruid, wat deur elke eeu voortkom.

158 Let op hoe pragtig: "Die lam se bloed." Hierdie is Christus se Liggaam, die Offerande: die lam se bloed aan die deur. Nou, onthou, die lam is geslag wat 'n tipe van Christus is.

159 Of ons kon 'n lang tyd neem, maar ek het nie . . . net nog 'n paar minute om hierby te bly. Ek sal net dalk moet stop en vanaand weer begin, sien, want ons praat te lank. Dis . . . Ek het twintig bladsye hiervan hierin, van notas, oor hierdie een onderwerp.

160 Let nou op, hieroor, die—die lam was Christus in figuurlike vorm. Of het ek dit reg gesê? Tipe; Christus was die Lam. Hy moes manlik wees, die eerste van die ou moederooi, of ooi, watter manier julle ook al verkies om dit te noem. Dit moet haar eerste wees. En hy moet eers getoets word om te sien of daar 'n letsel aan hom is.

161 Nou, Christus is getoets, die lam eerste van die moederooi, Maria die maagd. En is deur wat getoets? Satan teen die Woord. Toe hy Eva getref het, het sy geval; Moses getref het, het hy geval; maar toe hy teen Christus opgevlieg het, en probeer het om die Skrif verkeerd vir Hom aan te haal, uh-huh, het hy uitgevind dat dit nie Moses was nie. Sien? Hy is getoets. Wat het . . . hy het omgedraai, hy het gesê: "*As* U die Seun van God is. Nou, hulle sê my jy doen wonderwerke, en hulle sê my dat die Messias dit moet doen. Nou, as dit is; jy is honger, jy het nie geëet nie, verander hierdie brood in . . . hierdie klippe in brood, en eet."

162 Hy het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie.'" Jou geloofsbelydenis, ensovoorts. Maar deur wat? Elke Woord! 'n Gedeelte van die Woord? "Elke

Woord wat uit die mond van God kom." Dis waardeur die mens lewe. Sien? Die Lam is getoets, kyk of daar iewers is waar Hy geval het.

163 Die Fariseërs: "O Rabbi, jou jong profeet, ons dink jy is wonderlik. Jy is goed."

164 "Waarom noem julle My goed? Daar is net een goed en dis God. Glo julle dit?"

165 "O, ja, God."

166 "Wel, Ek is Hy, dan." Uh-huh. Hy het gesê: "Daar is net Een goed. Waarom noem julle My 'goed,' as julle nie glo dat Ek God is nie?" (uh-huh) "So waarom noem julle My goed? Wat laat julle dit doen? Wat het julle geïnspireer om dit te sê, as julle weet daar is net een goed en dit is God?"

167 "Ons weet U respekteer nie die waardigheid van die mens of die woord van hulle posisie nie. Ons weet dit." Probeer . . . Hy het daardie huigelaar geken. Sien?

168 Hy is getoets om te sien waar Hy staan, sien, op elke manier getoets, getoets soos ons getoets is. Maar, daar was geen ingee hoegenaamd vir hom nie. Nee, meneer! Dit was die Seun van God.

169 En die lam is getoets, en het vir veertien dae aangehou. Dit was twee Sabbatte, of twee eeue. Een is vir die Jode, waarvoor hulle die lam as tipe geoffer het; een is vir die Heiden, wat die ware Lam het, en almal van hulle is volmaak gemaak deur te glo hierdie Lam sou kom. Maar Hy is versoek veertien . . . of veertien dae ondersoek, Hy was die Woord.

170 En jy kan die Ou Testament ondersoek, sê: "Dit veroordeel die Nuwe." Jy's verkeerd. Die Ou Testament getuig net van die Nuwe.

171 'n Man sou my uitdaag, nie lank gelede nie, het gesê: "Wat makeer hom?" Het gesê: "Wel, hy leer selfs uit die Ou Testament." 'n Christen prediker, dink daaraan. Het gesê: "Die Ou Testament is dood en verby." O, nee! O, nee! Dis net 'n skoolmeester, dit wys wat op die muur geskryf is. Sien? Reg.

172 Nou, sien, veertien dae is dit getoets, dit was Christus. Nou, let op, toe is Hy in die aandtyd doodgemaak, moes doodgemaak word, die lam is. Christus het in die aandtyd gesterf, die namiddag. En toe, let op, toe is Hy ook . . .

173 Die bloed moes aan die deurposte geplaas word, sien, wat, die bloed is die lewe van die dier. "Julle sal die vleis daarvan eet; maar van die bloed daarvan wat die lewe is, gooi dit uit." Sien? Dit moes wees . . . Die bloed moes op die latei van die deurposte van die huis geplaas word waarin die offer aangeneem word. Glorie! Wat is die Lewe? Die Naam. Dit . . . Hy het die naam van die persoon geplaas . . . Gaan na die deur

toe, en kyk, sien watter naam op die deur is voor jy die klokkie lui. Sien? Die bloed is op die latei van die deur geplaas as 'n tipe van wat die offer aan die binnekant was.

174 Nou gaan ons die plek van aanbidding vind, net daardeur, kom deur daardie Bloed. Let op, die bloed op die deur het die naam gespreek van wat gaan. . . aan die binnekant was, hulle was daarbinne. Ons plek van aanbidding, die Lam, is die Woord. Ons weet dit.

175 Nou, vers 4, let op: "Laat geen brood oor nie, laat niks van die offer nie," of, neem een van, een eeu na 'n ander.

176 Probeer om terug te gaan en sê: "Wel, nou, ons is Lutherane, ons wil hiernatoe kom," jy moet sterf tot die Lutherse eeu om in die Wesley eeu gebore te word. Jy moet sterf in die Wesley eeu om in 'n Pinkstereeu gebore te word. En jy moet sterf in die Pinkstereeu, niks daarvan laat oorbly nie, dit met vuur verbrand, want dit gaan verbrand word soos, die stingel waaruit die koring uit opkom. Die stingel, die denominasie, dit moet verbrand word. So moenie jou denominasie in die nuwe Boodskap oorbring nie. Dit is die Woord nou. Dis wat gedenomineer het, die stingel; dit het Dit gedra, dis reg, maar Dit het oorgekom *hiernatoe*, toe het die stingel doodgegaan. Dit was 'n draer, die denominasie, maar die Woord gaan net voort. Ja, die Woord gaan net voort.

177 Nou, neem die 5de en die 6de vers. Let op: "Nie. . . " Nou, laat ons die 5de en die 6de vers neem.

> *Jy mag die pasga nie slag in een* van die *poorte wat die* HERE *jou God aan jou gee nie:*

178 Nou, onthou: "Nie in een van hierdie poorte nie." Die Here laat jou toe om hierdie denominasies te hê, sien, "*hierdie poorte*."

> *Maar op die plek wat* HERE. . . *God sal uitkies om sy naam daar te laat woon,* . . .

179 Dis die Poort, die enigste plek. Nie baie nie: "*hierdie poorte*" nie, maar God het 'n Poort.

180 Jy sê: "Elke oggend gaan ek die Metodiste poort binne." Dis die kerk. "Elke oggend gaan ek die Katolieke poort binne." Uh-huh. Wel, die Here laat Sy mense in en uit daardie poorte gaan. God het mense in die Katolieke kerk, Metodiste kerk, Presbiteriaanse kerk, almal van hulle, Pinskters. Sekerlik, maar moenie. . . jy aanbid die Here nie in daardie poort nie. Sien? Maar die Here het 'n sekere poort. Glorie! Hy het 'n poort.

> *Maar op die plek wat die* HERE *jou God. . . uitkies om sy naam daar te laat woon, daar* . . . sal jy *die pasga slag in die aand* . . .

181 Wanneer het Rebekka Isak gevind? Wanneer het Eliëser haar geroep om die bruid te wees? Aandtyd!

Dit sal Lig wees in die aandtyd,
Die pad na Heerlikheid sal jy sekerlik vind;
In die waterweg is die Lig vandag,
Begrawe in die dierbaar Naam van Jesus;
Jonk en oud, bekeer van al jul sonde,
Die Heilige Gees sal beslis binnekom;
Die Aandligte het gekom,
Dis 'n feit dat God en Christus een is.

182 Dit was die begin Daarvan, nou het sy net daar gebly tot in die Bruidlig. Sien wat ek bedoel?

183 Ek moet liewer hier afsluit, vanaand weer begin, want ek wil nie hê julle moet dit los nie, julle sien. Nee, nee, dis—dis middagete tyd. Wel, wel, ek het te veel notas hier neergeskryf. O, goeiste! Wat van vanaand, sou dit beter wees? Huh? Wel, is julle seker. . . Julle wil net 'n bietjie verder probeer? Goed, laat ons dan 'n bietjie verder gaan, ons sal sommer baie gou maak. Hoe is dit?

184 Nou, gaan binne by die wat? "Julle, sal nie binne enige poort gaan wat die Here God jou gegee het nie, maar by die poort waar die Here Sy Naam sal insit." Nie die huis binnegaan van die—van die poort wat die deur is nie. Dit reg? God gaan Sy Naam by die deur sit, en jy sal nie. . . Dis die poort wat ingaan na die plek van aanbidding, die heiligdom. Jy gaan nie daar in met jou offer na enige van hierdie poorte nie, maar in die poort wat die Here uitkies om Sy Naam in te sit. Sien?

185 Nou, het Hy dit gedoen? Waar is daardie poort? In Johannes 10 het Jesus gesê: "Ek is die poort, die deur. Ek is die deur na die Huis van God. Ek is 'n deur na die skaapkraal." Nie die bokkraal nie, die skaapkraal. Sien? "Ek is die deur na die skaapkraal. 'n Mens mag by hierdie deur binnegaan, veilig."

186 En nou kan ons 'n lang tyd daarby stilstaan. Maar, om tyd te bespaar, Hy is die deur na daardie skaapkraal. Nou, ons wil hier oplet. Die skaduwees en tipes is hier regtig te sien, maar ek. . . as ek daardie bladsy neem sou ek. . . gaan dit julle 'n rukkie hou.

187 Goed, let op, dit bring Jesus Christus in volkome sig. Want die hele Ou Testament is tipe van Hom, al die feeste, al die aanbiddings, en alles. Nou, ek het hier neergeskryf, onder hierdie ry Skrifte: "Verduidelik dit." Daar is waar dit 'n lang tyd sou neem. Verduidelik hoe al die feeste. . . Selfs die meeloffer was 'n tipe van Christus. Laat ons net daardie een neem.

188 Eenkeer was daar 'n—'n skool genaamd die skool van die predikers, of skool van profete, hulle het 'n opgeleide

profeet opgelei. En daar was 'n ware, Godgeroepe profeet wat eenkeer soontoe gegaan het om hulle te besoek. Hulle wou die ou profeet 'n bietjie hoflikheid bewys, dus het een van hulle uitgegaan en 'n groot klomp van wat hy gedink het om ertjies te wees, gepluk, maar dit was giftige karkoere, en hy sou hulle almal daarmee kos gee.

189 O! Hoeveel kweekskool skote vol het ons gehad! Sien? Reg. Hulle het iets opgekook. Sien? Hulle het Metodiste skootvol, Baptiste skootvol, Pinkster skotevol. Maar, julle sien, hulle is die tweede groeisel, die soort wat van die boom afgesnoei word. Sien, nie in die hoof Wynstok nie. Dra suurlemoene, pomelo's, ensovoorts; nie lemoene nie, maar maak aanspraak daarop om sitrus te wees.

190 Let weer op. Nou, hierin—hierin, toe Elía verby gekom het en na hulle gekyk het, en gesien het dat dit giftige karkoere is wat elkeen van hulle sou doodmaak, het hulle gesê: "Helaas, ons het dood in die pot!"

191 Hy het gesê: "Bring my 'n handvol meel." En hy het meel daarin gegooi; hy het gesê: "Nou is dit in orde, eet soveel julle wil." Dit het die dood na lewe toe verander.

192 En die meeloffer wat gegee is aan...Christus, Hy was die Meeloffer, en die meeloffer moet met 'n sekere slypsteen gemaal word wat elke klein stukkie meel dieselfde maak; wys dat Hy dieselfde gister, vandag en vir altyd is. Hy is dieselfde ding om in jou denominasie te sit en dit sal lewe, die Woord! Christus is die Woord, al die tipes van alles: die tabernakel, die—die—die toonbrode, alles. Die gebreekte kosjer onder die bord was Sy gebroke liggaam, wat die Jode nog nie kan verduidelik wat dit is nie. Sien? En al hierdie ander dinge het Hom tipeer.

193 Nou, dan, Hy in sig, ons sien nou alle denominasies en geloofsbelydenis agtergelaat; want Hy is die suiwer, onveranderlike Woord van God, wat die ongesuurde brood is, Johannes 1. Dis reg, Hy is die ongesuurde Brood. So voeg jy *dit*, of *dat* by, is dit 'n suurdeeg bygevoeg by dit wat reeds oorspronklik vir jou gegee is.

194 Kyk hier. Wat maak die nasie vandag dood? Hulle neem en verbaster dinge. En wanneer jy dit verbaster, maak jy dit dood. "O, dit lyk mooier." Sekerlik! Verbasterde mielies: mielievlokkies, al die ander ontbytpap wat uit mielies kom. Verbasterde mielies: yslike groot, mooi lang stingels, en yslike groot are, lyk soos twee keer beter as die ander. Maar dis die dood! Wetenskap het dit selfs uitgevind. Sien? Moet dit nie kruis nie, dit sal jou doodmaak.

195 Nou, hier, laat my julle wys. Nou die dag het ek 'n paar blomme in my agterplaas natgegooi. En die dame het 'n paar baster blomme gehad wat in hierdie klein potjie hier was,

die klein planthouer langs die huis. Ons moet daardie goed ten minste drie keer per week, of vier, water gee, of hulle sal doodgaan. En daar het die oorspronklike plant buite in die agterplaas gestaan. Dit het nie daar gereën vir ses maande nie, net so droog. . . As dit reën, binne tien minute kan jy stof blaas. Maar daardie klein kêreltjie wat daarbuite gelê het, was net mooier en helderder as die baster met al die water. Hou jy daardie water van hom af, sal hy doodgaan. Maar waar het hy sy water gekry? En nog 'n ding, jy moet die heeltyd gaan en hulle al om die ander dag of twee bespuit, om die luise van hom af te hou. Hulle dit nie doen nie, sal die luise hom opvreet, hy is so swak en sag. Maar daar is nie 'n luis wat op daardie oorspronklike sal kom nie. Nee, nee! Hy sal opkruip na hom toe en wegkruip. Hy is oorspronklik! Sien wat die verbastering gedoen het?

196 Dis dieselfde ding in die kerk. Hulle probeer die denominasie met die Woord meng, om te maak die. . . probeer om die Woord te maak sê wat die denominasie sê. En wanneer jy dit doen, moet jy hulle bespuit, en hulle vertroetel, en—en hulle goue sterre gee om na die Sondagskool toe te kom, en al die res. Dis reg. Wanneer, 'n ware, wedergebore Christen, gebore met die Woord van God; hy is taai, dis jy. Die luise en dinge van die wêreld pla hom nie. Hy is 'n arend, hy vlieg reguit verby dit. Sien, sweef in die hemelse. Sien? Dit is waar. Niks. . .

197 Let op. Nou, ons moet verstaan dat hier, die denominasie, geloofsbelydenisse, en enigiets wat van die gesuurde brood bygevoeg word nie met die ongesuurde brood kan meng nie. En die Bybel skadu hier vooraf in die sakrament, van in die aanbidding gaan, dat geen ongesuurdheid saam met jou kan geneem word nie, en God sal dit aanneem.

198 Jy sê: "Ek is Metodis." Net daar sterf jy! "Ek is Pinksters." Jy sterf.

199 Ek is van Christus. Dis reg. Jy moet op iets staan. Dis reg. Jy—jy staan op iets.

200 Churchill het eenkeer gesê, het twee vingers opgehou en gesê: "Ons het die oorwinning verkry." En Engeland het daarby gestaan, hulle het Churchill geglo.

201 En glo dit of nie, vanmôre staan jy by iets. Daar is net een ding waardeur jy kan lewe en by staan, en dis Christus, die Woord. Waar!

202 Let op, niks in die Bybel tipeer die denominasies behalwe Babilon nie. En Babilon is deur Nimrod gestig, en Nimrod was 'n afvallige. En hy het 'n klomp vroue daarin gehad, was veronderstel om sy koninginne te wees, wat profetesse was. Hulle dink selfs dat ou Bileam van daardie seksie gekom het, hulle het bronne gehad ensovoorts. Hulle het aanbid, julle weet (baie van julle studente wat Hislop se *Two Babilons* gelees

het, ensovoorts, en die kerkgeskiedenis), en hoe hulle—hulle gemaak het. En hulle het vroue gehad wat *dit* gedoen het, en vroue. . . 'n godin, en alles, en dit was 'n gedwonge godsdiens. Almal, elke stad rondom Babilon is verplig om na Babilon te kom om onder Nimrod by die toring te aanbid. Sien? Dis reg. Hulle is gedwing om dit te doen, dit te debatteer. Daar is waar die verwarring gekom het.

203 En dis presies wat die kerk vandag is: "As jy nie Sondagskool bywoon nie, as jy nie *dit* doen nie, en jou moet huur om *dit* te doen en *dit* doen en *dat* doen nie, tel jy nie meer nie."

204 Daar in Tucson, wat vanmôre inluister, het ek eenkeer gewonder. . . Ek het altyd mense aangespoor: "Gaan kerk toe, ongeag waarheen jy gaan." En ek het die mense soort van gesien terugtrek, en *hierdie* weg gaan. En ek het gedink: "Wat makeer?"

205 Ek het na sommige van hulle gegaan: "Die eerste dag dat jy daar is, sal hulle jou nader: 'Sluit aan by ons kerk.' As jy dit nie doen nie, is jy nie welkom nie." Sien? Sien? Dis 'n gedwonge ding, dit word op jou afgedwing. Sien, en dis Babilon. Maar in Christus kom jy deur uitverkiesing, nie deur dwang nie, jou hart trek jou in.

206 God het gesê: "Ek sal Sy Naam dan nie in Babilon sit nie." Aandagtig, nou. Hy kon nie Sy Naam in Babilon sit nie, die kerke nie. O, hulle, *hulle* sit Sy Naam daarin, maar Hy nooit nie.

207 Nou sê julle: "Wel, nou, Broer Branham!" Wag, wag, sit net stil vir net 'n minuut. Julle het my gevra om 'n bietjie langer te bly. Goed. Let nou op, *hulle* het Sy Naam daarin gesit, maar Hy het nie.

208 Nou, Hy het gesê: "Die plek waar Ek julle gaan ontmoet, en julle offer ontvang, is waar Ek kies om My Naam te sit. Julle kom by daardie poort in, hierdie deur waar Ek kies om My Naam te sit. Daar is waar julle na toe kom."

209 Wel, hulle sit: "Dit is die Kerk van Christus." As daar enigiets is wat in daardie verklaring verkeerd is; dit het een woord uitgelaat: "anti." Uh-huh, alles wat Hy geleer het, hulle verskil Daarmee. Moderne Fariseërs.

210 Maar ons moet vind waar Hy wel Sy Naam gesit het, want Daarin is Sy enigste voorsiene poort. Amen! Glorie! Kyk! Waar het Hy Sy Naam gesit? In Sy Seun.

211 "O," sê julle: "nou wag 'n oomblik, Broer Branham. Dit was die Seun, nie die Vader nie."

212 Die seun neem altyd die naam van sy vader in elke geval. Ek het na hierdie aarde in die naam van 'n Branham gekom, omdat my vader se naam Branham was.

213 Jesus het gesê: "Ek het in My Vader se Naam gekom, en julle het My nie aangeneem nie." Wil julle die Skrif daarvan hê? Johannes 5:43. Sien? "Ek—Ek het in My Vader se Naam gekom, en julle het My nie aangeneem nie." Dan het die Vader Sy Eie Naam, wat "Jesus" is, in die Seun gesit. En Hy is die weg, Hy is die deur, Hy is die huis, Hy is waar God gekies het om Sy Naam te sit. God het nooit Sy Naam in my gesit nie, Hy het Dit nooit in die kerk gesit nie, Hy het Dit nooit in die Metodis, Baptis, Katoliek gesit nie, maar Hy het Dit in Christus die Gesalfde Emmanuel gesit.

214 En die Naam is in die Woord, want Hy *is* die Woord. Amen! Wat is Hy dan? Die Woord geïnterpreteer is die manifestasie van die Naam van God. Geen wonder nie. "Vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is, het dit aan jou openbaar, Wie Ek is. En op hierdie rots sal Ek My plek van aanbidding bou, en die poorte van die hel kan Dit nie platskud nie." Amen! O lewende Kerk van God, staan in vaste fondament op Jesus Christus alleen. Julle kan die lied sing, maar as julle nie op Christus die Woord is nie, is julle op wankelende, weifelende sand. "Maar op hierdie rots," Christus: "My Woord."

215 Hy het die Lutherse boodskap gebou en hulle het dit gedenomineer. Dit het gegroei, die voetbank. Toe het Hy opgegroei in die beengedeelte, die Metodiste, ensovoorts. Daar is waar Hy Sy Kerk gebou het, op Sy Woord! Nou, Hy is nie net voet of net dy nie; Hy is 'n liggaam; en nou is die sluitingsdeel. Het julle in die piramide opgelet . . . wat, ek preek nie nou 'n piramide godsdiens nie.

216 Maar die eerste Bybel wat ooit geskryf is, is in die lug geskryf die die- . . . [Leë kol op band—Red.] Het julle dit opgelet? Dit begin met die maagd, die eerste figuur in die diereriem. Die laaste figuur is Leo, die leeu. Hy kom eerste deur die maagd, Hy kom volgende as die Leeu van die geslag van Juda. Net daarvoor, 'n kreeftydperk, 'n kruisvis, al die res van die tydperke. As ons tyd gehad het, sou ons daardeur gaan; wat ons gehad het, by die tabernakel.

217 En die pira- . . . piramide wat daardie fondamente is, tot bo in die koning se kamer. En net voor jy die sewende muur kry, is daar 'n klein bekendstellingsplankie daar, waar 'n boodskapper uitkom om jou na die koning te bring. (Die boodskapper Johannes die Doper wat aan die Koning voorgestel het), maar die Hoofsteen is verwerp. En hulle weet nie, die Steen van Scone, of wat dit ook al is, hulle weet nie waar dit is nie, want dis 'n verwerpte steen. Maar dis die steen wat die hele ding afsluit, wat dit die piramide deur die hele sewe kerkeeue maak. Voeg genade by, voeg *dit* by, voeg *dit* by, daar is sewe byvoegings, die laaste een is Christus. Voeg *dit* by

jou liefde, voeg genade by jou genade, voeg iets anders by, en iets anders, tot dit opkom tot Christus wat die Hoofsteen is: "En Ek is die deur."

218 Nou, 'n seun kom altyd in sy vader se naam. Enige seun kom in sy vader se naam. En Jesus het gesê: "Ek het in My Vader se Naam gekom." Wat is dan die Naam van die Vader? Wat is die Naam van die Seun? En Hy het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, maar julle sal My sien." Ja, Hy het in die vorm van die Heilige Gees gekom, daardie selfde Jesus. Dis waarom hulle aanbid het: "O Jesus!" Sien? Sien? Vader, Seun, en Heilige Gees: Dis die Here Jesus, Christus. Dis al. "Ek het in My Vader se Naam gekom, en julle het My nie aangeneem nie."

219 Nou, onthou, Hy het ook hier bygevoeg en ons gewaarsku: "'n ander een sal kom," 'n denominasie, 'n geloofsbelydenis. "Hulle sal in hulle naam kom en julle sal hulle aanneem. Julle wou My nie ontvang nie, die Woord voor julle regverdig en voor julle bewys."

220 Soos Hy net toe, so is Hy vandag. Julle moet dit nie mis nie, mense oor hierdie nasie! "'n Ander een sal kom, 'n kerk, en julle sal dit glo, want julle kan net op enige manier maak. Ek sal dit nie bevestig nie." Hy het nooit (te eniger tyd, ooit) enigiets (in enige kerk) bevestig buiten die Boodskap wat gegee is nie: Luther s'n, regverdigmaking; Wesley, heiligmaking; Pinkster, herstel van die gawes. Na . . . En sodra hulle 'n denominasie daarvan gemaak het, het dit daar gesterf. Ondersoek die Skrif.

221 Maar Hy het gesê: "Ek sal die plek uitkies om My Naam te sit." En die Naam was Jesus. En Jesus is die Woord, Johannes 1. Is dit reg? Dis die plek van aanbidding, in Christus die Woord. "Ek kom in My Vader se Naam."

222 Die profeet het gesê: "Sy Naam sal Emmanuel genoem word." Dis Matthéüs 1:23, as julle wil . . . dit skryf . . . dit neerskryf. Jesus, Jehova, die Verlosser.

223 Nou, die 5de vers wys dat Hy die deur is. Nou al, kan deur baie ander onsigbare bewyse, hierdie poort, en Naam, en plek bewys word om daardie een plek te wees waar God die mens ontmoet om te aanbid, en dis wanneer hy in Christus is.

224 Nou, die vraag is nou: "Hoe kom ons in Hom?" Nou, dit kan net 'n bietjie knyp, maar, julle weet, soos om medisyne te gebruik, as dit jou nie naar maak nie, sal dit jou nie help nie. Sien?

225 Nou, die Lutherane wou op een manier inkom, deur by die Lutherse kerk aan te sluit. Die Metodiste wou inkom deur uit te roep. Die Pinksters wou inkom deur met tale te spreek. Dis nog steeds nie dit nie! Sien? Nee, dis gawes, ensovoorts. Maar

I Korinthiërs 12 sê: "Deur een Gees." Gees van God, wat die Lewegewer aan die Woord (die Saad) is, om daardie Saad vir daardie seisoen te bevestig. Sien?

226 Hier is die Metodiste eeu saad wat daar lê, dit het die Heilige Gees geneem om daardie saad te laat lewendig word en rein. . . en die kerk deur heiligmaking te reinig; Luther het dit nie gepreek nie, want hy het dit nie geweet nie. Die Pinksters wou in tale spreek vir die herstel van die gawes. Elkeen verklaar: "Dis Dit! Dis Dit!" Sien?

227 "Maar deur een Gees word ons almal in een Liggaam gedoop," en daardie Liggaam is 'n familie, die familie van God. En dis die huis van God, en die huis van God is die Naam van Jesus Christus. "Die Naam van die Here is 'n sterk toring, die regverdige vlug Daarin en word beskut."

228 Nou, hoe gaan jy deur 'n titel inkom? Hoe gaan jou tjek ontvang word deur te sê: "Betaal op las van—van Eerwaarde, Doktor, Predikant"? Sien? Sien? Jy mag 'n eerwaarde, doktor, predikant wees. Maar die *naam* van die Here is "Jesus Christus." Sien?

229 "Ek het gekies om My Naam by die deur van die huis van My aanbidding te sit, want My familie sal daarin onder die Bloed vergader wees; soos dit in Egipte was, enigiets buitekant het gesterf. En daarin is daar geen gesuurde brood nie! Daar is geen denominasionele mengsel enige plek Daarin nie, My huis! My kinders, van My gene gebore!" Amen! Prys God! "My gene is in hulle! My. . . Ek sit My Woord in hulle. Ek sal hulle op die tafels van hulle hart skryf. Dis My familie, die familie van die Liggaam van Jesus Christus; die familie. En hierdie deur sal julle binnekom, nie Metodis, Baptis, of Pinkster nie, maar in die deur waar Ek My Naam sit." Dit is nie Metodis nie. God se Naam is nie Metodis nie. God se Naam is nie Pinkster nie. God se Naam is nie Baptis nie. God se Naam is nie Katoliek nie. Bly dan buite die deure. Sien? Sien? Sien?

230 "Maar in 'n plek waar Ek kies om My Naam in te sit." Nou, daar is nie 'n ander plek in die Bybel gegee waar God ooit Sy Naam gesit het nie, net in Jesus Christus, want Hy is die Seun van God wat die Naam van God neem, en God se menslike Naam. "En daar is nie 'n ander naam onder die Hemel gegee waardeur jy gered moet word nie." Ek gee nie om nie, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, kategismusse, of wat jy ook al wil doen nie; net deur die Naam van Jesus Christus waar elke knie sal buig en elke tong daartoe sal bely, dat Hy Here is. Daar is hoe jy inkom.

231 En as jy net reg—reg in water gedoop is, en dan die Woord ontken, dan is jy oneg; jou geboorte was nie korrek nie. Jy gee voor dat jy Hom toe geglo het, en jy ontken Hom.

232 Hoe kon ek my familie ontken? Wanneer. . .Hoe kon ek Charles Branham as my vader ontken? 'n Bloedtoets op die deur wys dit. Uh-huh.

233 My optrede, en die bevestiging van God se Woord in my lewe wys of ek 'n kind van God is of nie. Nou, daar is God se enigste plek. Sien dit? Die enigste plek wat God jou offer sal aanneem (ek gee nie om hoe opreg jy is nie) is in Christus.

234 En onthou. . .Jy sê: "Wel, ek het geglo ek het ook ingekom." Onthou, die Bybel sê. . .Jy sê: "Wel, die Bybel het gesê: 'Wie ook al glo dat Jesus Christus die Seun van God is, is gered, sal gered word.'"

235 Dit sê dit, maar onthou daar staan *ook* geskrywe, staan *ook* geskrywe: "Geen mens kan Jesus die Christus noem, behalwe deur die Heilige Gees nie." Sien? Jy kon sê: "Hy is," maar Hy is nie totdat die Heilige Gees Self wat Lewe aan die Woord gee, dit deur bevestiging bewys dat jy die seun van God is. Dis die Skrif.

236 "Die plek wat Ek kies om My Naam te sit. Julle sal in geen ander poort aanbid nie, maar in die poort waar Ek My Naam insit; dan sal Ek julle aanneem, is julle in My familie."

237 Nou, die familie van God gehoorsaam die bevel van die Vader van die familie. "En Hy is die Vredevors, die Sterke God, die ewige Vader, en aan Sy koninkryk en heerskappy sal daar geen einde wees nie, die heerskappy sal op Sy skouer wees." En Hy wat Heerser, Koning, Emmanuel, Eerste, Laaste, Vredevors, die Sterke God, ewige Vader is; elkeen van Sy kinders gehoorsaam elke Woord tot die bevel, want hulle is 'n deel van Hom.

238 Ons lewe in ons huis soos Branhams lewe. Jy lewe in jou huis, die Joneses, soos die Joneses lewe.

239 En in die Huis van God lewe ons deur die Woord van God en Elkeen wat uit die mond van God uitgaan, en enige ander, bedrieër; ons sal nie na hom luister nie. Sien? "Jy sal ongesuurde brood eet, elke kerkeeu, net soos Ek Dit vir jou gee." Maar moenie probeer teruggaan en dit inspuit oorkant Hierin nie, want dit het in 'n stingel ingegaan. "Jy sal die bene en goed wat oorgebly het van die offerande neem, en hulle verbrand!" Weg, die kerkeeu het gesterf, aangegaan; ons is nou in 'n ander een. Amen!

240 "Die plek wat Ek gekies het om My Naam te plaas." O, goeiste! I Korinthiërs 12.

241 Let op Efésiërs 4:30.

> . . .*bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die*. . .(volgende herlewing?). . .*tot die dag van* julle *verlossing*.

> . . . *bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van* julle *verlossing.*

242 Nou let op. Laat ons dit toepas op ons Skrifles. Dan beter ons gaan, ek dink ek maak die mense moeg. En julle? Mense staan op en gaan huis toe, sien, want hulle het—hulle het middagete wat kook. En iemand anders wil gaan, hulle het nie verwag om hiernatoe te kom en heeldag lank te luister nie. Sien? Maar kyk, julle ken die . . .

243 Ben, ek—ek behoort aan jou te werk! Seën jou! Dankie, Broer Ben. Ek het jou lief, Broer Ben.

244 As julle geweet het wat daardie kêrel gely het vir ons in daardie oorlog; hy's heeltemal in stukke geskiet, en opgeblaas, en alles anders. Hy't 'n lewe van alles gehad, maar God het hom geseën. Hy het getrou gebly. Sy vrou het hom verlaat, weggeloop en weer getrou, en sy kinders gevat. O, goeiste, ek kan net nie daaraan dink nie.

245 Maar, in elk geval, God seën jou, Ben.

246 Hy lê net nou vol skrapnel, wat teen sy senuwees en alles anders druk. Net . . . Jy moet die agtergrond van Ben ken, jy sien. God, seën daardie seun. Ja.

> . . . *waardeur* julle *verseël is tot die dag van* julle *verlossing.*

247 Let op! Nou hierdie mag net 'n bietjie knyp, maar kyk. Moenie kwaad raak vir my nie net 'n oomblik.

248 Toe Israel eenmaal gekyk het na daardie deur, met daardie bloed op die deur, die naam (die bloed, die lewe), en ingegaan het onder daardie bloed, het hulle nooit weer uitgegaan totdat hulle uit Egipte uitgegaan het nie.

> . . . *bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur* julle ingaan en nie weer uitgaan tot die dag wat julle verlos word nie. (Sien?)

249 Wel, die Bybel is altyd reg. Hy plaas die woorde daarin wat jy Dit moet uitplaas waar Dit gaan, om dit te maak . . . die hele prentjie van verlossing te maak, sien. Sien?

> . . . *bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van* julle *verlossing.* (Totdat julle verlos word.)

250 Julle is daarin verseël, julle is onder die Bloed. Julle gaan nie meer uit nie. En wat is julle dan? God se seun in God se familie, ingeseël deur die Heilige Gees. Die Duiwel kan jou nie kry as hy moes nie; want jy is dood, jou ou manlike deel is dood; en jy is begrawe, en jou lewe is verberg in God deur Christus, en verseël deur die Heilige Gees. Hoe gaan hy jou kry? Hoe gaan jy uitgaan? Jy's daar! Glorie! Nou sal ek dit los; net genoeg sodat julle weet waarvan ek praat.

251 Dan ’n nuwe skepping, nie aan ’n denominasie nie, maar aan die Woord. Jy’s ’n skepping van die Woord. Want die fondamentsteen is gelê in jou voor die grondlegging van die wêreld, voorbestem om seuns en dogters van God te wees.

252 En hierop kom steen op steen, in elke eeu, om daardie Woord te bevestig wat opkom, net presies soos Jesus het in Sy eeu, wat die Sluitsteen van dit alles is. In Hom het elke eeu gelê. In Jesus was Moses. In Jesus was Dawid. In Jesus was die profete. Is dit reg? Kyk na Josef, verkoop vir omtrent dertig silwerlinge, ingegooi, veronderstel om dood te wees, uitgeneem, gegaan en kom na die regterhand van Farao. Kyk, presies, Jesus was. . . Josef was in Jesus.

253 En toe Hy gekom het, was Hy die volheid van die konings, profete (halleluja), die godheid het liggaamlik in Hom gerus. Hy het gekom om ’n Bruid daaruit te verlos, ’n Meesterstuk. ’n Meesterstuk wat sê aan Satan dat. . .

254 Wanneer hy sê: “Dae van wonderwerke is verby. Daar’s nie so-iets soos hierdie dinge waarvan julle praat nie.”

255 “Wyk van my, Satan.” Sien? Sien, ’n Meesterstuk wat staan en waghou.

256 Eendag sal die Sluitsteen terugkeer, die hoof van dit alles, en die Bruid vir Homself ontvang; wat die vrou is wat geneem is uit die man, ’n deel van die man. Elke. . . Gene van die man is in die vrou, wat die vrou maak. En dis hoe die Woord van God in die Kerk is, wat die Kerk die Bruid maak. Nie ’n denominasie nie, dis van die Duiwel, elkeen van hulle. Ek noem nie die mense daarbinne dit nie, hulle is arme misleide mense, soos Jesus gesê het: “Blindes wat die blindes lei.” En Hy kon hulle nie uitroep nie.

257 En hulle het gesê: “Wel, jy is gebore uit ontug! Wie sê vir jou om hiernatoe te kom? Watter skool, watter kweekskool het jou herken? Daar het ons Moses. Ons het. . . ”

258 Hy het gesê: “As julle Moses geken het, sou julle My geken het.”

259 Want Moses het Hom geskryf in sy vier boeke: “Die Here julle God sal ’n gewer van die Woord opwek, ’n Profeet soos ek, en wie nie na daardie profeet sal luister nie, sal afgesny word van onder die volk.” Dis al wat daarin is. En wat is Hy? Die Woord. En wat is Dit? Moenie enige van die suurdeeg oorlaat in die. . . Moet net geen suurdeeg Daarin sit nie. Moenie enige geloofsbelydenis byvoeg, enige denominasie nie, want dit is net daar besoedel, jou offerande is klaar.

260 Laat ons nou opskud, sommer gou, sodat julle kan gaan eet.

261 Let op! Nou, dan, jy is ’n seun van God in die huis van God, jy is ’n deel van God se ekonomie. Romeine 8:1: “Daar

is dan nou geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie." Want hulle is dood vir die wêreld, lewendig in Hom, en lewe in hierdie huidige dag, wat die Woord maak wat God hulle voor gebruik het, hulle verordineer het, hulle name geplaas het in hierdie Bruid Boek. En wanneer die Waters op daardie saad kom wat in die hart is, rig dit op tot die Bruid van Christus. O, goeiste! Net so volmaak as wat dit kan wees. In elke eeu was dit so.

262 Die Lutherane, onder regverdigmaking, die voete, het dit opgerig soos daardie; Wesley, onder heiligmaking. Die Pinksters onder die arms, die werke en dade ensovoorts, moes Calviniste wees...of moes Armeens wees, moes wetlikes wees. Maar nou kom ons by die hoof, die sluitsteen. "Genade! Genade!" het die sluitsteen uitgeroep.

263 Die hoofsteen wat wat uitgeroep het? "Genade! Genade!" Oorgegaan van dood en geloofsbelydenis, in 'n lewende Woord van die lewende God. God se enigste voorsiene plan vir hierdie eeu, Sy seuns in die Woordeeu lewend gemaak deur die Gees soos 'n vonk wat van iets af aangesteek is om dit lewend te maak; en nou gesetel in hemelse plekke (in teenwoordige tyd), alreeds lewendig en onderworpe aan elke belofte in die Woord. Dan wat doen dit? Jy as 'n deel van God se geen, 'n deel van die Woord, ander mense 'n deel van God se Woord, saam gesetel, manifesteer die hele Liggaam van Christus, want daar's geen suurdeeg onder julle nie. (Sien waarvan Hy praat, Broer Brown?) Geen suurdeeg onder julle nie, net die Woord alleen, gesetel in hemelse plekke, in die deur waar Hy Sy Naam geplaas het: Christus Jesus.

264 Geen suurdeeg onder julle nie, dit bring die hele volheid van die godheid liggaamlik onder julle. Kon dit nie doen in Luther se eeu nie, kon dit nie doen in Wesley se eeu nie, kon dit nie doen in Pinkster se eeu nie; maar in die dag wanneer die Seun van die mens gemanifesteer sal word, geopenbaar, weer die kerk bymekaar gebring met die hele Godheid van God onder Sy mense, wat dieselfde sigbare tekens vertoon, Homself manifesteer soos Hy het aan die begin toe Hy gemanifesteer is op aarde in 'n vorm van 'n Profeet-God. O! Glorie! Belowe deur Maleági 4, belowe deur die res van die Skrifte. Waar aanbid jy? Die huis van God, gesetel (in teenwoordige tyd).

265 Nou, vinnig, laat ons nou baie vinnig kyk, en ons sal gaan binne omtrent...binne tien minute sal ons weg wees as die Here wil.

266 Nou laat ons kyk na 'n paar wat lewend gemaak is in hierdie huis van God. 'n Baie...

267 Henog! (Binne tien minute sal ons gaan, as julle net nog soveel langer kan uithou.) Kyk, Henog was die lewende Woord van God van sy eeu, hy was, 'n profeet.

268 ’n Profeet is God se weerkaatser. Hoeveel weet dit? Die—die weerkaatser weerkaats nie homself nie, die—die weerkaatser is nie die weerkaatsing nie. Daar moet iets wees wat die weerkaatser—weerkaatser tref om dit te laat weerkaats. So ’n profeet is ’n gekose werktuig van God, wat net niks kan weerkaats nie, maar hy is in direkte lyn met daardie weerkaatsing, God, om die beeld van Christus die Woord te weerkaats. Sien, niks anders kan dit doen nie. Jy is ’n weerkaatser, dis die rede waarom die profeet die boek moes eet. Dis die rede waarom hy die boekrol moes eet. Hy moes daardie Woord van daardie eeu weerkaats. Het julle dit?

269 Let op na Henog, God se perfekte weerkaatser in tipe. Toe God klaar—klaar was met hom, het Hy hom net weggevoer, hom opgeneem. Die meganika wat hy gereflekteer het, het dinamika geword met die Gees, en hom opgeneem.

270 Dieselfde in die dae van Elía. Elía, selfs tot sy bene, waar daardie weerkaatsing. . . Weerkaatser van God in sy liggaam wat as die Woord van God gemanifesteer word. Hulle het ’n dooie man daarop neergelê, hy het weer tot lewe gekom. Ons is vlees en been van Hom, solank ons die Bruid van Christus is. Glo julle dit? Goed. Hy het vir ons gesterf, en ons het gesterf tot onsself en is begrawe in Sy Naam, dat ons sou “nie meer wees van die wêreld nie, maar in Hom,” na wie beide die familie in die Hemel na Jesus Christus vernoem is. Dis Efésiërs 1:21. Want beide Hemel. . . die familie in die Hemel. Wat word die familie in die Hemel genoem? Jesus. Wat word die familie op die aarde genoem? Wel, dis die huis van God waar die Bloed is. Is dit reg? Dis die deur, dis die poort, dis die plek waar Hy Sy Naam geplaas het, dis en die Woord het vlees geword en onder ons gewoon. Dis die Woord wat weerkaats en die eeu aansteek waarin julle woon. Dis wat Hy was, dis wat Moses was, dis wat Jakob was, dis wat die res van hulle was, wat die Woord van God aansteek, die weerkaatser wat God Homself weerkaats het. En gekom na die volmaakte beeld van God, Jesus Christus, God se Meesterstuk; was getref dat Hy die res van hulle kon neem vir ’n Bruid wat Hom weerkaats het.

271 Moses was in Hom. Josua was in Hom. En as julle in Hom is, was julle in Hom voor die grondlegging van die wêreld, die familie van God; julle het gely saam met Hom, julle het gesterf saam met Hom, julle het na die kruis gegaan saam met Hom, julle het opgestaan saam met Hom; en nou is julle steeds saam met Hom, gesetel in Hemelse plekke, wat die Boodskap van die eeu weerkaats aan die wêreld, die Lig van die wêreld. “Julle is die Lig van die wêreld,” maar as dit weggesteek is deur ’n denominasionele maatemmer mandjie, hoe gaan, hulle Dit sien? Deur julle tradisies, maak julle die Lig van geen effek!

Deur te probeer. . . Julle denominasionele, wat die Lig probeer weghou van julle kerk; julle sal nie ingaan nie, ook wil julle hulle nie toelaat nie. Amen.

272 Laat ons net stop. Goeiste, ek het te veel. Nee, ons—ons kan voortgaan. . . O, goeiste! Vyf minute het ons.

273 Sien julle wie die deur is? Waar het God Sy Naam geplaas? In Jesus. Hoe kom julle in Sy Naam? Hoe kom jy daarin? Deur gedoop te word daarin! Hoe? Deur water? Deur Gees! "Een Here, een geloof, een doop." Dis Heilige Gees doop.

274 Die waterdoop plaas jou net in gemeenskap met die mense, dat jy herken het dat jy Christus aanvaar het. Dis die Waarheid. Maar dis Geesdoop. Ek kan die Naam van Jesus oor jou uitroep en jou doop, dit maak dit nie so nie.

275 Maar wanneer die Heilige Gees eenmaal regtig. . . egte Woord in jou kom (die Woord, Jesus), dan, broer, is die Boodskap dan geen geheim vir jou nie; jy ken Dit, broer, Dis heeltemal verlig voor jou. Halleluja! Prys God! Amen!

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my verlossing geko-. . .

Dierbare God, ek bid dat U hierdie mense sal genees, Here, en maak elkeen van hulle gesond. In Jesus Christus se Naam. Amen.

276 O! Liefde! O!

Vandat, deur geloof ek die stroom sien
U vloeiende wond voorsien, (uit daardie Meesterstuk)
Was verlossingsliefde nou my tema,

277 Hoe kan jy. . . God is Liefde. "Hy wat liefhet is van God," goddelik, heilige liefde, nie vuil liefde nie; skoon, suiwer, heilige liefde, liefde van God die Woord. "U wette het ek in my hart bewaar, dat ek nie teen U sondig nie," o, goeiste, daardie Dawid wat uitroep. Is Hy nie wonderlik nie? Het julle Hom nie lief nie?

278 Nou, daar is 'n Weg, 'n suiwer, heilige Weg, 'n enigste ontmoetingsplek waar God jou sal ontmoet. Nie omdat jy sê: "God, nou, ek's 'n goeie Metodis. Ek's 'n goeie Baptis. Ek's 'n goeie Pinkster," nie. Nee! Omdat jy in Jesus die Woord is, die deel van die Woord wat gemanifesteer word vir vandag, hierdie dag se Boodskap; nie Luther, Wesley, Pinkster nie; maar jou Jesus, die weerkaatsing, wat opgekom het *hierin*. Jy kan nie teruggaan daarnatoe nie, dis suurdeeg byvoeg by jou heilige Brood, dat: "Die mens sal lewe van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan, in Sy seisoen."

279 O kom, Here Jesus, die groot, Hoofsteen. Kyk wat daar oorkant lê, die stof van daardie Lutherane, wat daar oorkant destyds gesterf het onder martelaarskap, kyk na daardie Metodiste.

280 Daardie Pinksters ensovoorts, wat nou opkom, daardie ware bloedlyn wat uit kom.

281 Julle Gemeentes van God het gegaan en georganiseer, wanneer die einste ding waaruit God julle uitgebring het, julle het reguit teruggedraai soos 'n vark na sy rolplek.

282 Julle verenigde Eenheid, die ou J.C. of...Pinkster Gemeentes van Jesus Christus. Een vir die gekleurde, en julleself geskei as gevolg van segregasie. Julle wat dit gedoen het, en julle dan self verenig en dit "Verenig" noem. En toe georganiseer, en baklei met die Gemeentes: "Soos 'n hond terugkeer na sy braaksel." As die braaksel die hond siek gemaak het in die eerste plek, sal dit hom nie weer siek maak nie? Verander julle dieet vanaf julle denominasie na die Woord, en lewe met Christus. Skaam julle!

Ek het 'n Vader daar oorkant,
Ek het 'n Vader daar oorkant,
Ek het 'n Vader daar oorkant,
Aan die ander kant.

Een mooi dag gaan ek Hom sien,
Een mooi dag gaan ek Hom sien,
Een mooi dag gaan ek Hom sien,
Aan die ander kant.

O, wat 'n blye ontmoeting,
O, wat 'n...(Woord gaan na Woord!) ontmoeting,
(Wanneer die Bruid opgaan, Woord vir Woord.)... blye ontmoeting,
Aan die ander kant.

O, die mooi dag is dalk môre,
Die mooi dag is dalk môre,
Die mooi dag is dalk môre,
Aan die ander kant.

283 Julle sê: "Bedoel jy dit, Broer Branham?"

284 Ja, meneer! Toe die Lutherane van die eeu, die Wesley's van hulle eeu, die pinksters van hulle eeu (die wares, nie die denominasioneles nie); die Pinksters, die een wat suurdeeg bygevoeg het (hulle denominasie), het gesterf. Maar hierdie ware Woord beweeg aan, sien. Net soos Jesus gesê het: "In daardie dag, sal julle weet dat ek in die Vader is en die Vader in My is, en Ek in julle, en julle in My." Dis alles die Woord!

O, wat 'n blye ontmoet- . . . (wanneer Sy seuns
vergader by Sy poort)
. . . blye ontmoeting,
Wat 'n blye ontmoeting,
Aan die ander kant.

285 Nou, kerk, ons onderrig nou. Maar, onthou, wanneer julle hier vertrek, begin nou uit die dop beweeg; julle gaan in die korrel in, maar lê in die Teenwoordigheid van die Seun. Moenie byvoeg by wat ek gesê het nie, moenie wegneem van wat ek gesê het nie. Want, ek praat die Waarheid, sover ek Dit weet, soos die Vader dit vir my gegee het. Sien? Moenie Daarby voeg nie, sê net wat ek gesê het.

286 Die ding daaromtrent is, sê net vir die mense om die Here Jesus te kom soek. En dan lê jy net self reg in Sy Teenwoordigheid, maak net liefde met Hom: "O Here Jesus, Seun van God, ek het U lief. Versag my hart, Here. Neem al die vuilheid en die liefde van die wêreld weg, en laat my heilig lewe in hierdie huidige wêreld voor U."

287 Sal ons ons hoofde buig vir gebed. Nou, laat ons sien, het julle enigiemand gekies om te verdaag in gebed? Of, ek sal, dan. Wees baie eerbiedig.

288 Dierbare God, ons dank U dat ons ons geestelike dieet gehad het. Ons dank U, Here, dat die vitamien van die Woord seuns van God kweek. Dit affekteer geen ander tipe karakter nie, slegs seuns en dogters van God. So ons dank U Daarvoor. En ons bid, God, dat ons daaruit sal voordeel trek, dat ons U nie net sal dank nie. Ons dank U Daarvoor, maar mag ons die krag gebruik om te probeer om (deur Liefde) mense te oortuig om in ons God te glo; die eiewyse, die sondaars, die vroue, die mans, die seuns, die, meisies, in hierdie eeu.

289 Siende, Here, dat die verstandelike toestand, die senuweeagtige eeu waarin die mense woon, dit hulle uit hulle verstand dryf; om presies te vervul wat die Skrif gesê en belowe het, die groot verskriklike dinge wat op die aarde sou kom; soos sprinkane, om by die vroue te spook wat hulle hare sny, hulle sal lang hare hê soos 'n vrou. En verskillende verskriklike gesigte wat hulle in staat sal wees om te sien, Here, in die verstandelike, afgewaterde toestande waarin hulle is, en dan uit te roep vir die rotse en die berg. Vroue wat honde en katte sal moeder, en nie kinders grootmaak tot U eer nie. Diegene aan wie U kinders gegee het en hulle hulle gebaar het, laat hulle los op die strate om te maak soos hulle wil. Geen wonder U het gesê, Here, toe U na die kruis gegaan het: "Dan sal hulle begin uitroep vir die rotse en die berge om op hulle te val."

290 Ons sien elke ander ding reguit opbeweeg na hierdie tyd. Ons sien die Skrif word bevestig, bewys. En net soos ons Dit sien, Here, U met ons eie oë (wat gemanifesteer word), sal

daar eendag 'n Wegraping wees en ons sal die manifestasie van daardie Woord sien: "Want die Seun van die mens sal op die heerlikheid van die wolke kom, met Sy heilige engele saam met Hom, en ons sal opgeraap word om Hom in die lug te ontmoet." Dit sal dan wees . . . Ons hoor nou daarvan, dan sal ons Hom met ons eie oog sien.

291 Mag ons in Hom gevind word, Here, die enigste voorsiene plek. En Hy is die offerande. Ons bring Hom, waarvan ons gehoor het, Jesus Christus, in die huis van God in deur die doop van die Heilige Gees, deur die Naam van Jesus Christus. En daar word ons offerande aanvaar en word ons ingebring in die familie; want, hoewel weggedwaal het in die wêreld, was ons verordineerde seuns en dogters van God voor die grondlegging van die wêreld. Dank U daarvoor, Vader. O, hoe kan enigiemand ooit terugdraai op iets soos daardie, wanneer hulle die Waarheid gevind het, dat God hulle uitgesoek het uit die wêreld? Daar was miljoene verlore, die dag toe ek gered is.

292 O sterwende Lam, hoe kan ek U ooit bedank? Hoe kan my hart ooit eerbiedig genoeg wees voor U wees? Help my, dierbare God, om getrou te lewe. Help my mense om getrou te lewe. Ek bid vir hulle, Here, elkeen, dat U sal . . . God, op een of ander manier, ek weet nie . . . Ek—ek sou nie weet hoe . . . Ek weet nie hoe, net hoe om te vra nie, Here; en ek mag dit nie eens op die regte manier vra nie. Maar vergewe U my onkunde, Here, en kyk net na my hart. Ek bid dat nie een van hulle verlore sal gaan nie, nie een van hulle nie, Vader. Ek eis hulle, elkeen, vir U. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Ek het Hom lief, ek . . .

En as julle Hom liefhet, het julle mekaar lief. Skud mekaar se hand.

God Se Enigste Voorsiene Plek Van Aanbidding AFR65-1128M
(God's Only Provided Place Of Worship)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 28 November 1965, by die Life Tabernakel in Shreveport, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org